
Nr./No. 105 SEPTEMBER 1994

# Pretoriana

## SAMUEL MARKS - HERDENKINGSUITGAWE
## SAMUEL MARKS MEMORIAL ISSUE




TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DATUM: 27 OCT 1995
VAKKODE: ZA 968
Pretoriana 1994/105

**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY**

**PRYS R 7,00 PRICE**

PRETORIANA, Journal of the Pretoria Historical Association /Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging, Nr./No.105, September 1994

Committee members / Bestuurslede

D.N.A.Coetzee, chairman / voorsitter, tel.(012) 46 3142

Mr./Mnr.W.J.Punt, vice-chairman / ondervoorsitter, vigilance / waaksaamheid

Mr./Mr.L.E.Cloete, representative of the Town Council of Pretoria / verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria

Mrs./Mev.D.E.Nel, secretary / sekretaresse, tel.(012) 343 2790

Mr./Mnr.T.E.Andrews, editor of "Newsletter" / redakteur van "Nuusbrief"

Mrs./Mev.M.Andrews, organization of tours/organisasie van toere

Mrs./Mev.M.Bees, deliveries to the post office / aflewering aan die poskantoor

Dr.C.de Jong, editor of "Pretoriana" / redakteur van "Pretoriana"

Mr./Mnr.D.Panagos, forts / forte

Mr./Mnr.W.du Plessis, school gardens / skooltuine

Mr./Mnr.L.P.Prinsloo, treasurer / penningmeester

Mrs./Mev.I.Vermaak

Miss/Mej.E.Viljoen, functions / organisasie van byeenkomste

Mrs./Mev.M.L.Willmer, archive / argief

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001 .

PRETORIANA is Africana
Offer of back copies of "Pretoriana" on sale

Can you buy a history book of a 100 pages for R 20 or less? No! But you can buy over 500 pages of history of Pretoria for R 20,00. Contact Anton Jansen, a member of our Association,at telephone (012) 998 9406 at home, or (012) 804 1023, office, in office hours, to arrange the purchase of a set of "Pretoriana" issues, to be fetched by the purchaser or delivered to him or her. Some of the first issues are, however, out of stock.
Anton Jansen's postal address is P O Box 33 704, Glenstantia, Pretoria 0010.

The table of contents of this issue is on the reverse side of the cover.
Die inhoudsopgawe van die onderhawige nommer staan op die agtersy van die omslag se buitekant.

## OORHANDIGING VAN DIE EERSTE EKSEMPLARE VAN MARKS SE BIOGRAFIE

Op Sondag, 23 Junie 1991 was daar 'n groot byeenkoms in 'n ruim tent by die Samuel Marks-museum op Zwartkoppies wat beheer word deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria. Verteenwoordigers van die familie van S. Marks en historici is daarheen uitgenooi. Tydens die byeenkoms is die eerste uitvoerige biografie van S. Marks, deur mnr. Richard Mendelsohn geskryf, bekend gestel en die eerste eksemplare daarvan oorhandig. Aanwesig was die outeur, mnr. Mendelsohn, mev. Fanny Beatrice ("Dolly") Maisels, die jongste, hoogbejaarde dogter van Samuel en Bertha Marks en die enigste oorlewende van hul kinders, haar seun Samuel Joseph Neill Maisels, Mrs. Sally Frankental, direktrise van die Kaplan Centre for Jewish Studies in die Universiteit van Kaapstad, mnr. D.M. Fox, voorsitter van die Kaplan Kushlick Foundation, mev. Nerina Walters, kuratrise van die Sammy Marks-museum, en mev. Sonni Tewes, gids in die Museum. Die Centre for Jewish Studies het die gewenste wetenskaplike steun verskaf, Anglo-American en De Beers het met die finansiering van die uitvoerige wetenskaplike werk vir die lewensbeskrywing van Marks gehelp. Onder die genooides was die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging wat deur onder andere die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, en sy eggenote, mev. M. Bees, mej. E. Viljoen, mnr. en mev. Andrews en die redakteur van "Pretoriana", Dr. C. de Jong, en sy eggenote verteenwoordig is.

Die toesprake en oorhandiging van die eerste eksemplare van die biografie is gevolg deur 'n ruim onthaal. Dit was 'n gedenkwaardige geleentheid in die historie van die familie Marks en van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.



*Byeenkoms vir oorhandiging van die eerste eksemplare van Samuel Marks se biografie by Zwartkoppies op 23 Junie 1991 – Van links na regs Mnr. R. Mendelsohn, skrywer van die biografie – Meurou Fanny Beatrice ("Dolly") Maisels née Marks, jongste dogter van Samuel Marks, sittende – Meurou Sally Frankental, direktrise van die Kaplan Centre for Jewish Studies te Kaapstad – Mnr. Samuel Joseph Neill Maisels, seun van Meurou Fanny Maisels née Marks.*

*Foto deur Mnr. Frik Dreyer van Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*

# SAMUEL MARKS, DIE PRETORIANER

Boekbesprekingsartikel van Richard Mendelsohn, "Sammy Marks, 'The Uncrowned King of the Transvaal'"; uitgegee deur David Philip, Cape Town and Ohio University Press, Ohio, in association with Jewish Publications - South Africa, 1991, 304 pp, geïll. prys R60,00 slap band.

deur C. de Jong

Artikels oor Samuel Marks het in groot aantal verskyn, maar daar was lankal behoefte aan 'n deeglike lewensbeskrywing van hierdie pionier van die ekonomiese ontwikkeling in Transvaal. Mnr. R. Mendelsohn het die gewenste biografie verskaf. Die stoot tot die skryf hiervan is gegee deur die (her)ontdekking van duisende briewe van en aan S. Marks, gebêre in 'n kluis in sy huis op Zwartkoppies, sy plaas by Pretoria. Die briefwisseling is ontsyfer en vir sover nodig vertaal in die Jessie Kaplan Centre for Jewish Studies in die Universiteit van Kaapstad en is gebruik deur mnr. Mendelsohn, dosent in geskiedenis in genoemde universiteit. Sy boek is in 1991 gepubliseer met die pretensieuse ondertitel 'The Uncrowned King of the Transvaal', gelukkig tussen aanhalingstekens geplaas. Hy beskryf Marks uitvoerig as pionierondernemer, as sosiale persoon, as Pretorianer, as Jood en as gesinsman, met kritiese afstand en redelike objektiwiteit en met die simpatie wat vir 'n goeie biografie nodig is. Hy gee ook die nodige agtergrond met behoud van bondigheid.

Marks as pionier-ondernemer - Daar is drie tipes sakeondernemers as pioniers of skeppers van nuwe kombinasies van produksiefaktore, van "neue Kombinationen" (uitdrukking van die vooraanstaande twintigste-eeuse ekonomis Joseph Schumpeter). Die tipes is (1) die vervaardiger of ontginner van nuwe goedere, (2) die vinder en opener van nuwe verkoop- of inkoopmarkte en (3) die finansier en amalgamator (samesmelter) van bestaande ondernemings. Die tipes is met ander woorde (1) die tegnikus, (2) die koopman en (3) die finansier. Uit Mendelsohn se boek blyk dat S. Marks uitgeblink het as vervaardiger en ontginner, delfstowwe inbegrepe, en as ontdekker van nuwe markte, met ander woorde as koopman. Sy lewenslange vennoot Isaac Lewis was in die eerste plek die tipe van finansier, want hy het graag in waardepapiere, by voorkeur aandele, op en buite die beurs gehandel en geldbronne opgespoor. Daarom was hy in die meeste jare van sy aktiewe lewe in Londen gevestig.

Die drie tipes het uiteenlopende mentaliteit en doelwitte. Marks was by uitstek die pionier, die durwer, met lewendige fantasie en wye visie, besig met konkrete projekte. Lewis was in die eerste plek die bedagsame rekenaar, maar ook waaglustige spekulant. Hy het meermale Marks se gewaagde projekte afgerem, maar sy gedurfde effektespekulasies het somtyds Marks se kritiek uitgelok. Dit is geen wonder dat daar meermale groot wrywing tussen hulle was nie. Dit is wel 'n wonder dat hul vennootskap hul lewe lank standgehou het.

Hulle het naamlik mekaar se saketalente erken en besef dat hulle 'n sterk kombinasie vorm.

Mendelsohn haal heelwat kwaai uitlatings in briewe van Marks aan Lewis aan. Lewis se briewe was meestal bedagsamer en besadigder, maar somtyds tog skerp. Marks se houding jeens sy medemense was altyd vriendelik en tegemoetkomend, want hy het besef dat kritiek in die oorgevoelige samelewing van Suid-Afrika onwelkom was en is. Maar soos die meeste persone afkomstig uit die Eerste Wêreld van sy tyd, moes hy sy frustrasies oor die omringende Derde Wêreld van Suid-Afrika afreageer. Hy het die frustrasies geventileer in sy briewe aan Lewis en somtyds aan sy ega Bertha.

Mendelsohn wys op die opvallende afwyking van Lewis en Marks se firma in Suid-Afrika in vergelyking met ander nuwe ondernemings. Hulle is soos ander groewe-eienaars uit die diamantbedryf by Kimberley gedruk deur De Beers. Die meeste groewe-eienaars het hul bedrywigheid tydelik na die goudmynbou by Barberton en definitief na die Groot Goudrif aan die Witwatersrand verplaas. Lewis en Marks het hulle egter toegelê op steenkoolwinning, landbou en bosbou by Vereeniging wat hulle gestig het, en op Barberton se goud waar hulle die grillige, tot 1897 baie ryk Sheba-goudmyn verwerf het. Hulle het die grootste steenkoolprodusente in Suid-Afrika geword, maar hul pogings om omvangryke belange in die Groot Goudrif en diamantbedryf by Cullinan te verwerf en aldus van 'n tweederangs 'n eersterangs mynhuis te word, het steeds misluk.

'n Tweede, nog belangriker afwyking van Lewis en Marks se sakebedryf was die stigting van industriebedrywe, waardeur Marks die vader van die nywerheid in Transvaal genoem word. Nellmapius het die nywerheidskompleks Eerste Fabrieken by Pretoria aangevoor, maar Marks het dit in 1881 gestig. Om toesig daarop te hou het hy hom in 1884 op die plaas Zwartkoppies digby Eerste Fabrieken gevestig. Bygevolg toon Marks se loopbaan 'n derde afwyking. Die meeste mynbase het hulle in Johannesburg gevestig, maar Marks het in 1884 Zwartkoppies by Pretoria verkies, ook omdat hy daar in noue voeling met die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek kon wees en gunste van regeringspersone verkry.

Lewis en Marks se pogings om die eerste nywerhede in Transvaal te stig het talle teenslae ondervind. Mendelsohn skryf daaroor: "Their experience would seem to demonstrate that in an undeveloped country like the Transvaal's, on the furthest fringes of the industrial world, extractive industry like gold-mining, serving the needs of metropolitan countries, was likely to be far more profitable than secondary industries focused on supplying small local markets" (p.85).

Lewis en Marks het talle suksesse en ook teenslae in sake en geensins 'n aanhoudende opgang ondervind. 'n Indeling van hul loopbaan in fases soos opgang, bloei en agteruitgang is dan ook moeilik. Mendelsohn noem as suksesse onder meer hul diamantbedryf te Kimberley, die steenkoolwinning en in mindere mate die bosbou en landbou by Vereeniging, die Shebamyn tot 1897, waarna die myn se opbrengste aansienlik

daal, die distilleerdery by Eerste Fabrieken tot die regeringsverbod van verkoop van sterk drank aan swartes in 1897, die kontrak vir steenkoollewering aan kragsentrales van die Victoria Falls and Transvaal Power Company in 1906, die yster- en staalproduksie in die skaarste tyd van die Eerste Wêreldoorlog en ná hul aftrede die spoeldiamantwinning in Wes-Transvaal in 1927. Hulle het groot moeilikhede ondervind tydens die Anglo-Boere-oorlog en veral tydens die swaar depressie 1903-1909 en Eerste Wêreldoorlog. Teenslae na die Anglo-Boere-oorlog was onder meer die ongunstig aflopende spekulasie deur grondaankope in Kaapstad-Sentrum, waar nou die Samuel Marksgebou staan, en die saamgaan met die Imperial Cold Storage Company, gestig deur David Graaff in Kaapstad, deur Marks as 'n skelm beskou.

In die laaste dekade van sy lewe het Marks groot voldoening ervaar toe hy in 1910 as lid van die eerste Senaat van die Unie benoem is en aldus as ondernemer en Jood geëer is, en in 1912 toe hy die Union Steel Corporation gestig en aldus 'n lewensdroom vervul het.

Mendelsohn noem as deugde van Marks sy durf en vérreikende visie, sy milddadigheid, familiesin en gemis aan pretensies, as sy gebreke sy onvermoë om te ontspan en die sake uit sy denke te ban, selfs tydens vakansies, en sy onwil om onrendabele projekte te los en daarmee geldelike verliese te beëindig.

Marks as 'n sosiale karakter - Hy was ook 'n opvallende persoon in die sosiale lewe. Mendelsohn benadruk dat hy, hoewel gebore in Litoue, graag 'n egte Brit wou wees, 'n Brits-Joodse skoonvader en eggenote (Bertha Gutmann) uitgesoek het en aan sy kinders 'n Engelse opvoeding gegee het om van hulle egte Britte te maak. Maar as sakeman wou hy op goeie voet met alle belangrike groepe en persone in Suid-Afrika staan, onder meer deur hulle soveel as moontlik aan hom te verplig en vriendelik te bejeën. Hy het daarin opvallend geslaag. Hy was 'n ywerige wandelgangbesoeker van invloedryke persone, Mendelsohn noem hom "the greatest of all lobbyists in the Transvaal", en hy was kwistig met skenkings en lenings aan hulle. Tans noem sommiges sy skenkings omkoopgeld, bedoel om gunste te verkry, maar destyds het die meeste mense skenkings nie as sodanig beskou nie. Hy was bevriend met sowel vooraanstaande Britse imperialiste as republikeine en Afrikanerleiers, onder wie president Kruger. Daar is talle anekdotes oor sy vriendskap met die president, die Bybeltekste waarmee hulle mekaar bestook het, en ander Boereleiers, in die eerste plek generaal J.H. de la Rey.

Dit is merkwaardig dat hy by alle groepe gewild gebly het ondanks sy herhaalde verandering van politieke kleur. Tydens die Zuid-Afrikaansche Republiek was hy pro-republikein, vanaf die begin van die Anglo-Boere-oorlog tot die vertrek van die Britse Hoë Kommissaris Milner uit Suid-Afrika pro-Brits, volgens Mendelsohn selfs Jingo, daarna weer pro-Afrikaner en lid van die Afrikanerparty "Het Volk". Tydens die oorlog het hy met medewete van Britse gesagsdraers in verbinding met Boereleiers soos Louis Botha, Koos de la Rey

en Jan Smuts gebly om hulle tot oorgawe te oorreed. Ondanks sy politieke opportunisme het die Afrikanerleiers goeie vriende gebly, omdat hy veel goeds vir die Afrikaners gedoen het, en hom tot lid van die eerste Senaat na die Uniestigting in 1910 benoem - 'n benoeming wat hy eers afgewys het omdat hy politiek in parlemente as tydmors beskou het.

Sy biograaf skryf dat Marks 'n hartstog vir die doen van skenkings gehad het. Tot sy gewildheid het, afgesien van sy vrygewigheid, sy vriendelikheid, gemis aan pretensies en humor veel bygedra. Volgens Mendelsohn was hy 'n "haimischer Mensch", dit beteken in Jiddies 'n vriendelike, gemoedelike, pretensielose mens.

Dit beteken egter nie dat hy eweveel van alle groepe en persone gehou het nie. Sy innerlike mening oor die Afrikaners was ambivalent, hy het talle van hulle as traag en sonder inisiatief beskou. Weens sy Britse instelling het hy glad nie van Duitsers en Nederlanders as nasies gehou nie. Die Nederlanders was in Transvaal 'n bevoorregte groep, hulle was "Krugers Hollanders". Hulle het hulle laat geld en meermale Marks en ander pro-Britte die voet dwars gesit, byvoorbeeld by die aanleg van spoorlyne uit Britse gebiede na Transvaal. Staatsekretaris W.J. Leyds was Marks se "bête noire". Nietemin was hy jeens sy teenstanders steeds tegemoetkomend en het hy hulle, onder andere Leyds, geld geleen.

Marks as Pretorianer - Weens sy vestiging op Zwartkoppies het hy met hart en siel Pretorianer geword, veelvuldig met ampsdraers en ander bewoners verkeer en die stad begunstig. Tasbare herinneringe aan Lewis en Marks is in Pretoria veel talryker as op ander plekke van sy bedrywighede, met name in Johannesburg, Barberton en Kaapstad. Hy was die belangrikste lid van die klein groep sakelui wat in Pretoria gevestig was, soos Hugo Nellmapius, Thomas Becket, Edmund Bourke, George Heys, John Kirkness, Thomas Cullinan en Cornelius Delfos - die meeste van Britse afkoms.

Hy het van sy plaas Zwartkoppies sy geliefde tuiste gemaak en wou dit steeds verbeter en verfraai. Na die Anglo-Boere-oorlog het die swaartepunt in Lewis & Marks se sake van Pretoria na Johannesburg verskuif, onder meer omdat die Britse bestuur van Transvaal as Kroonkolonie veel strikter en ontoeskietliker as die regering van die ZAR met sy gemoedelikheid en tegemoetkomendheid jeens persone was en Marks minder as voor die oorlog in Pretoria kon bereik. Jare lank het hy na Johannesburg gependel, daarna die werksdae in Johannesburg oornag en in 1908 baie teensinnig na 'n huis in dié stad getrek en sy gesin saamgeneem. Sy hart het op Zwartkoppies gebly. Hy is in Johannesburg oorlede, maar in Pretoria-Wes begrawe - volgens Joodse tradisie onder 'n baie eenvoudige grafsteen.

Marks as Jood - Hy is ortodoks-Joods in Litoue opgevoed, het die Joodse geloof altyd trou gebly en was gekant teen huwelike van sy kinders met nie-Jode. Hy wou sulke kinders onterf. Die oorweging van sy oudste dogter Gertrud om Anglikaans te word, het hom baie sorg gegee en hy het haar onmiddellik elders in 'n ortodoks-Joodse gesin in Engeland

ondergebring. Hy het gelukkig nie geweet dat verskeie van sy kleinkinders met nie-Jode getrou het nie. Hy het in Joodse gemeentes nooit op die voorgrond getree nie, maar baie geld geskenk en die bakstene vir die sinagoge aan die Paul Krugerstraat in Pretoria verskaf. Maar hy was baie ruimdenkend, om nie te sê vrysinnig nie. Hy het hom nie altyd aan die spysgebooie gesteur nie en somtyds nie kosjer geëet nie en hy het Christelike feesdae, soos Kersfees, gevier. Hy was baie verdraagsaam jeens nie-Jode en het dikwels geld vir kerke geskenk, soos trouens in Suid-Afrika gewoonte was onder andersgelowiges.

Marks as familieman (pater familias) - Ooreenkomstig die tradisie onder die Litouse Jode het hy veel vir sy familie gedoen en hulle ondersteun, veral sy vader in Litoue en sy twee susters in Suid-Afrika wat met mans met swak karakters getroud was, en neefs. In sy gesin was hy "pater familias" volgens Viktoriaanse opvatting en gesaghebbende gesinshoof. Hy wou meer geld aan die opleiding van seuns as van dogters bestee. Maar ooreenkomstig Joodse tradisie het hy aan sy 18 jaar jongere eggenote Bertha Gutmann grotere vryheid, onder meer geldelik, toegestaan as wat by nie-Jode gebruik was, ook al het hy haar dikwels vermaan, onder meer oor haar hoë uitgawes.

Hy het sy kinders 'n Britse opvoeding laat gee, maar die resultaat was nie altyd die verwagte nie. Sy oudste seun Louis het meer 'n Britse aristokraat as 'n Joodse sakeman geword en is "the Young Lord" genoem, 'n bynaam wat hy met humor aanvaar het.

Marks as heer van Zwartkoppies - Hy het die plaas Zwartkoppies sy tuiste gemaak en voortdurend verbeter en verfraai. Hy het daar graag elke Sondag tientalle gaste ontvang, want hy het van geselskap gehou. Sy omvangryke huishouding op Zwartkoppies is gelei deur sy jong eggenote Bertha. Mendelsohn gee iets te min aandag aan die prestasies van Bertha wat as jong dame uit die Eerste Wêreld van Groot-Brittanje na 'n ietwat afgeleë boereplaas in die Derde Wêreld van Transvaal oorgeplaas is. Sy was nie gelukkig op die plaas met haar groot verantwoordelikheid vir die ontvangste van haar eggenoot se talryke gaste nie. Vir haar was ZwArtkoppies "the gilded cage", soos Mendelsohn dit uitdruk. Sy het daarom dikwels na Europa gereis en was bly toe die gesin in 1908 na Johannesburg verhuis het, waar sy meer standgenote ontmoet het.

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum het Zwartkoppies in 1984 verwerf en as huismuseum ingerig. Die gees van Samuel en Bertha Marks is daar nog lewend en die huismuseum met sy tuin bied 'n sprekende getuienis van die lewe en loopbaan van Marks en van 'n Laat-Viktoriaanse huishouding. Langs mekaar sien die besoeker daar die portrette van Britse imperialiste en Afrikanerleiers as bewys van Marks se strewe om met almal van hulle op goeie voet te verkeer.

Seuns van Isaac Lewis en Samuel Marks het die firma se sake voortgesit en baie sukses behaal by die ontdekking van spoeldiamante in Wes-Transvaal in 1927. Mendelsohn beskryf op p.258 hul soektog na goud in die Oranje-Vrystaat, waarin hulle amper geslaag het en waardeur Lewis & Marks eindelik 'n eersterangs mynhuis sou word. Maar hulle het in 1945 die meeste aandele in hul firma verkoop aan die Anglo-American Company en as direkteure afgetree, vermoedelik om suiwer persoonlike redes. Volgens Mendelsohn sou hul terugtrede Marks geskok het.

As Jood van eenvoudige afkoms en as suksesvolle sakeman wat rykdom vergaar het, het Marks onvermydelik benyders en vyande ontmoet. Antisemitiese gevoelens het tot hul afkeer jeens hom bygedra. Sommige het hom omkopery en monopoliesug verwyt en sy produksie van alkoholiese dranke as nadelig vir swartes en blankes afgekeur. Mendelsohn noem hierdie negatiewe houding jeens Marks op sommige plekke, maar met reg ken hy daaraan slegs beperkte betekenis toe. Die strekking van sy biografie is dat die positiewe invloede wat van Marks uitgegaan het, die negatiewe ver oortref het.



*Byeenkoms vir oorhandiging van eerste eksemplare van Samuel Marks se lewensbeskrywing by Zwartkoppies op 23 Junie 1991 – Mnr. Richard Mendelsohn, outeur van die lewensbeskrywing, in gesprek met Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana", en sy eggenote Mevrou F.W. de Jong gebore Robers.*

*Foto deur Mnr. Frik Dreyer, Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*

## THE LIFE AND TIMES OF SAMMY MARKS WITH NOTES ON THE HOUSE AND GARDEN AT ZWARTKOPPIES[1)]

by S.J.N. Maisels (Administrator of the Estate of the Late Samuel Marks)

This Museum is named for Samuel Marks, better known as Sammy, the renowned and respected South African pioneer. He was born in Neustadt, Lithuania on 11 July 1844 from where at the age of 18 he emigrated to England and managed to establish a small knife-sharpening works in Sheffield.

In 1868 Sammy Marks emigrated again, this time to South Africa. The new diamond fields offered him the opportunity of opening a general dealer's business in Kimberley where he was joined by his cousin Isaac Lewis who had been born in the same village as Sammy in 1849. The cousins became life-long partners carrying on their business through their firm of Lewis & Marks.

It was not long before they partly gave up their general dealing operations and concentrated on working diamond claims and dealing in diamonds in the new fields. The store was left chiefly to the management of Isaac's brother Barnet who also came to South Africa at that time. In 1878 they had formed one of the first companies to own and operate diamond claims in the Kimberley area. However, in 1880 they sold most of their claims and Lewis returned to England to manage their affairs there.

Attracted by some prospecting work that had been done on the banks of the Vaal River, Sammy purchased their first coal bearing farm and in November 1880 formed De Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrystaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging to open up and operate coal mines in the area. It was from that company that the town of Vereeniging took its name in 1892. This was the beginning of the fulfilment of one of Sammy Marks' dreams - to establish a Sheffield on the banks of the Vaal River. To this end in 1890 he produced the first fire bricks and in 1916 formed the Vereeniging Brick & Tile Company (now trading as Vereeniging Refactories), in 1894 the Vereeniging Milling Company was established to process the maize that Sammy had encouraged the farmers in the district to grow. October 1906 saw the formation at Vereeniging of the Victoria Falls & Transvaal Power Company. In 1911 followed Union Steel Company with a capital of £250 000 to produce steel; this of course was the fore-runner of the present day Iscor. It was also on the southern banks of the Vaal on the farm Maccauvlei near the town that Sammy established extensive plantations of oak, pine and gum as well as a large apple orchard, the property of Vereeniging Estates Limited floated by the partners.

Allied to the opening of the Vereeniging coalfield was Sammy's interest in obtaining the concession to extend the railwayline from Kimberley to the Transvaal and thereby improve on the transport of coal to the Cape. Although he started lobbying the Cape and Transvaal authorities in 1882

he in fact was not ultimately granted the concession, but the line was opened in May 1892 when Presidents Kruger and Reitz met on the new rail-bridge at Vereeniging.

While visiting Pretoria in 1881 on coal mining business, Sammy met Hugo Alois Nellmapius who had obtained concessions from the Government to manufacture various products in the Transvaal. However, Nellmapius had insufficient financial resources to carry on with his plans and eventually in 1882 Sammy concluded an agreement under which Lewis & Marks took over the concessions. The first industry to be established in the Transvaal was on the farm Hatherley (adjacent to the farm Zwartkoppies) by The Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Limited. The company's official seal and portions of the original whiskey still are now on display in The Sammy Marks Museum. The new factory was opened in June 1883 by Sammy's great friend President Paul Kruger.

When Sammy Marks first moved to live permanently in the Transvaal in 1882 he settled on the farm Hatherley. In 1883 he began negotiations to purchase a large portion of the neighbouring farm Zwartkoppies which was transferred to him in 1884 at a purchase price of £1 500. It was here that he built his home which he called Zwartkoppies Hall. Recent research indicates that the alterations and additions made in the 1890's were designed by the Dutch architects De Zwaan and Van Dyk who had done work for Nellmapius on his farm Irene.

It was to Zwartkoppies Hall that Sammy brought his very young bride Bertha Guttman whom he married in Sheffield on 16 December 1884. Apart from the cost of erecting the home and bringing furniture, silver, glass, crockery, cutlery and linen from England, imagine the problems in organising the whole project and arranging for the transport by ox-waggon of the materials required as well as all the movables. Imagine too the young bride's feelings finding herself in a strange country, among strange folk and with the nearest town, Pretoria, about 23 km away. Her husband was also away on business from time to time for a number of days. Not only did Bertha prove capable of running the very large home and coping with a great deal of entertaining, but she had to raise her family. The couple had eight children. Of course Bertha was helped by a large staff including a butler and maids whom they had brought out from England.

Although his London-based partner would not grant Sammy the funds he requested to purchase farms on the Witwatersrand some of which proved to be underlaid with gold bearing Main Reef, Sammy was able to acquire the Kriel's Oriental (Sheba) Gold Mining Company in the Barberton District. Sheba is still producing gold as one of the mines worked by The Eastern Transvaal Consolidated Mines Limited.[2)]

During his career Sammy was responsible for a great number of ventures in South Africa. In 1891 the Transvaal Republic formed the Nationale Bank which was the forerunner of today's Barclays National Bank[3)] and in which the partners had a large stake. Furthermore on several occasions Sammy was either directly or indirectly responsible for loans to the

Transvaal Republic authorities when they were short of funds. In 1894 the partnership became substantial shareholders in South African United Breweries from which the present S.A. Breweries Limited was created. The following year they bought coal bearing farms in the eastern Transvaal areas of Belfast and Witbank. Other projects included the Transvaal Fruit and Meat Preserving Works opened in Pretoria in 1895, the glass works in Pretoria which President Kruger opened on 28 November 1896, and the formation in the Transvaal in February 1902 of Imperial Cold Storage & Supply Company Limited. There is evidence that after visiting Sammy at Zwartkoppies and his nearby fruit farm Pienaarspoort, Cecil Rhodes was encouraged to open his fruit farms in the Cape and that Sammy was party to obtaining the necessary expertise and management for him. Sammy's interest in farming is evident in that in 1911 he was appointed Vice President of the Witwatersrand Agricultural Society. At that time he sponsored The Jewish Land Settlement Association of South Africa with a view to encouraging Jewish youth to become farmers.

Of course not all the ventures were successful. In 1894 Sammy had ideas of obtaining the concession to build piers in the Lourenço Marques harbour for the export of South African coal. The Portuguese government however would not grant these rights to a foreigner; that cost the syndicate about £13 000. Similarly in 1897 his partner Isaac Lewis was very keen to have the firm develop and then sell the extensive concessions he had obtained in Swaziland which could have resulted in it being exploited like Rhodesia. In fact the newly created Vereeniging Estates Company apparently had a trustdeed drawn for such eventualities. However after the British created the protectorate of Swaziland in 1906 the whole project failed.

During his lifetime Sammy Marks, unlike many of the magnates of his day, identified strongly and unambiguously with Judaism and local Jewry. He was the best known and most esteemed member of the Pretoria Jewish community and while he played little role in its day-to-day management, he served throughout as its principal financial benefactor.

Marks was active politically in his quiet way. He was always anxious that the correct action be taken in the interests of his beloved country of adoption. During his career in the Transvaal he became a trusted adviser and intimate friend of President Kruger and other Boer notables including Koos de la Rey and Piet Grobler. It was just before the outbreak of war in 1899 that he commissioned Anton van Wouw to sculpture the statue of the President that now stands in Church Square as a present to the City of Pretoria.

Immediately after the Jameson Raid and in the tense months before the outbreak of the Anglo-Boer War, Sammy Marks attempted to use his influence to steer the Boers away from confrontation with the British. During the war itself he made frequent efforts to persuade the Boer Generals, some of them good friends of his, to abandon what he saw as a hopeless and self-defeating struggle. In the last months of the war he met

them, at their request, in Pretoria and again in Vereeniging to discuss the peace terms that Britain offered and he urged that they assent. After the signing of the treaty he worked hard at persuading his old friends to accept the new order in the general interests of South Africa. During the war Zwartkoppies Hall was visited by both Boer and English troops. The former had on occasion helped themselves to blankets and horses, much to the annoyance of Sammy. His long association with the Transvaal and his friendship with the Afrikaner leadership were recognised in 1910 with his appointment as a Senator in the first Union Parliament.

Upon Sammy Marks' death on 18th February 1920 his assets including the farm Zwartkoppies became entailed. His widow used Zwartkoppies Hall until she died in 1934 and other members of his family continued to occupy the Hall until January 1978. From time to time they modernised the interior and made alterations to portions of the exterior. However in 1984 The Trust Estate of the Late Samuel Marks came to an agreement with The National Cultural History and Open-Air Museum to establish The Sammy Marks Museum in The Hall and that organisation has set about to restore the house to its original state.

Fortunately Sammy Marks' personal papers and documents were all carefully stored in The Hall's strongroom. In 1984 they were handed over for safe-keeping to The Isaac and Jessie Kaplan Centre for Jewish Studies and Research which is established at the Cape Town University. At present the documents are being researched with a view to publishing the first full and authentic biography of Sammy Marks.[4)] Meanwhile those who may be interested should refer to the relevant chapters in the recent book by Mendel Kaplan entitled "Jewish Roots in the South African Economy".

**Notes on the house and gardens of Zwartkoppies**

The original house was apparently designed by Sammy and the alterations and additions were carried out in the 1890's by the Dutch architects De Zwaan en Van Dyk. The exterior design is basically Victorian and has been restored with the help of old family photographs. As the home was occupied by members of the family until 1978 it was modernised from time to time, but the Museum is now restoring it to its original state when Sammy and his family lived there. The layout of the interior is based on a very detailed inventory of the movables as prepared by Bertha in 1906.

In May 1884 Sammy ordered 300 yards of coconut matting 6 to 7 feet in width to go round the stoep. Rings were to be put in on one side so that it could be hung up at night.

The immediate garden and grounds around Zwartkoppies Hall were the pride and joy of Bertha Marks. Not only were they beautifully laid out and maintained under the supervision of the head gardener, an Austrian, but they supplied cut flowers in abundance for both The Hall and the family home in Parktown, Johannesburg. The Austrian gardener also took a great delight in killing snakes on the farm and using

the skins to make purses, bags and belts. He had an Indian assistant who was responsible for the fruit and vegetable garden.

In a letter in February 1894 Sammy ordered 200 to 300 trees to plant in an avenue. They were to be evergreens but not gums.

A tennis court was located just beyond the western gates to the grounds to the right of the old road to Hatherley. Guests were also encouraged to play croquet on the front lawn.

At the back of the house is the well from which water was pumped with the aid of a steam-operated horse pump installed in February 1897.

Bertha was also an extremely keen chicken farmer and her birds won many a prize on the Pretoria shows. Sammy however maintained that every egg produced cost him £1. Unfortunately the entire chicken project was destroyed by fire over one weekend.

Sammy would not permit shooting on his farm and was very proud of his flock of about 200 guinea fowl and the buck that were to be found among the trees behind the house.

The stables for 14 horses and the coach house for the 5 carriages were located in the main farmyard remote from the museum's area.

Maintenance of Zwartkoppies Hall and all the cottages, stables and other buildings on the farm was carried out by the carpenter cum handyman Mr. James Potts who was fondly called Daddy Potts. He and his wife and 5 children lived in a cottage on the farm. One of his sons was named Sammy after Sammy Marks. The farm manager Mr. D. Hauman and his family occupied the cottage in the main farmyard opposite the coach house and stables.

In addition to the large dam on the road into the museum there was a dam fed by the canal on which two boats were kept. Punting along the canal was possible. Sammy also imported swans from England for his dams.

The entrance hall with its lovely teak stairway contains some interesting items such as the large brass gong which was sounded by the butler Mr. McCracken half an hour before dinner to encourage guests to get dressed and then of course again when dinner was served. When Mr. McCracken died he was succeeded by Mr. Winder.

There is a free-standing hot water heater at the glass door to the long passage. Originally the entire home was heated in this manner from the central boiler situated in the basement of the outbuildings. Over the years as the house was modernised these heaters were removed and have unfortunately been lost. There are still a few left in other rooms.

On the stairway is a clock, thermometer and barometer by Dollard with an elaborate carved wooden façade.

The music-room at the end of the long passage was the subject of a letter from Sammy to his wife in England when she was visiting the children at school in 1901. He wrote: "The front spare room which in future will be the music-room

is now being painted and will look very pretty when finished. Panels are being painted on the walls which look just like satin. Will have the dining-room done too."

Unfortunately over the years in the course of modernisation that work was over-painted. However a portion has now been uncovered as an example of the very fine decoration that was done. Another example is to be seen in the upstairs bedroom overlooking the front lawn. It is hoped that in due course funds will be available to completely restore all this fine work in the house.

In the large lounge cum diningroom beautiful chandeliers catch the eye. From 22 November 1896 the house was supplied with hydroelectric power from a plant located in the farmyard area. The canal off the Pienaars River which inter alia fed this plant, was built in 1885 and follows the contour from a dam on the river for a distance of about 5 km. In a letter dated November 1896 to his sons Louis and Monty in England Sammy stated that the power supply was limited in view of the drought; so he could not have all the lights in the house on at the same time. The hydro-plant was operated by a Pole who unfortunately lost an arm in an accident while working on the machinery.

The ceiling and upper portions of the walls were painted by an Italian who was also responsible for the work in the billiard-room.

In the kitchen is a very large free-standing stove which presents a puzzle at first sight. The fumes and smoke were led down under the floor to the chimney built into the adjacent wall. The tiles are marked and cracked on that wall where it runs.

The china-room off the kitchen and next door to the pantries contains some very fine china and glassware.

Two oldfashioned coolers stand outside the kitchen area. Fresh meat, groceries and fresh produce that could not be grown on Zwartkoppies as well as ice were brought frequently from Pretoria and stored in these coolers.

The upstairs bedroom next to the loft was occupied for some years by Mr. Murray who was a well educated old Scot who arrived on Zwartkoppies out of the blue one day with nothing to his name. Sammy took a great liking to him and gave him a plot near the village of Hatherley, a cart and two mules. Murray lived at Zwartkoppies and went daily in his cart to work his plot, where, according to Sammy, he was not very successful as the ground was poor. Murray tried growing oats and potatoes at one time. It is said that this friendly old man still "walks the house at night".

The upstairs bedroom overlooking the front lawn was occupied by the eldest son Louis. His father used to wake him gently in the morning by pulling his toes.

In this room the painted patterns have also been exposed as an example of the work done at one time.

The billiard-room is one of the highlights of the Hall. The table which of course was originally imported has only been recovered once and is still playable.

Both Sammy and his wife Bertha enjoyed playing billiards. In a letter to his sons Louis and Monty in November 1896 he wrote: "Electric light is a vast improvement, we play billiards now in the evening but it (the electricity) is turned off at ten o' clock." It should be noted that Sammy did not play tennis or croquet.

The ceiling was painted by an Italian, the same artist that did the work in the lounge downstairs.

The photograph of Sammy and his old father Mordechai Feit Marks was taken in Königsberg in 1903 when Sammy was visiting him. His mother was Miriam Cohen.

There are interesting illuminated addresses as well as the family photograph of Bertha and her children showing from left to right:- i) The younger daughter Fanny Beatrice who was known as Dolly in view of her weight at birth of 1½ pounds. (ii) the eldest son Louis. When he returned from schooling in England his general manner and attitude attracted the nickname "Y.L." which stood for "Young Lord"! iii) The youngest son Phillip who was known simply as Phil. iv) Sitting on the floor is Theodore known as Ted. v) Joseph Mordechai known as Joe who was the farmer of the family and lived most of his life in the Hall. vi) Bertha Marks. vii) the elder daughter Gertrude Miriam called Girlie by Sammy and later Gai by her family and friends.


The library reflects Bertha's enthusiasm for popular Victorian literature and Sammy's interest in matters technical and the important issues of the day.

1) With thanks taken from "Museum Memo", journal of the National Cultural History Museum at Pretoria, volume 14 nr. 4, December 1986.

2) A few years after 1986 the Sheba Mine was closed down because it had been worked out. (C. de Jong)

3) Now the First National Bank (C. de Jong).


4) This research has been performed by Mr. Richard Mendelsohn, lecturer in the University of Cape Town. His biography appeared in 1991 under the title "Sammy Marks, 'the Uncrowned King of the Transvaal'".



*Bertha Marks en haar kinders; van links na regs: Fanny Beatrice ("Dolly"), die jongste dogter – Louis, die oudste seun, staande – Philip ("Phil"), die jongste seun – Theodore ("Ted"), op die vloer gesete – Joseph Mordechai ("Joe"), staande – Bertha Marks, eggenote van Samuel Marks – Getrude Miriam ("Girlie"), die oudste dogter.*
*Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*




*Samuel Marks en sy eggenote Bertha, sittende, omring deur verskeie van hul kinders en aangetroude kinders; plek en jaar is onbekend.*
*Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*




THE CHOSEN PEOPLE

*Spotprent betreffende die aksie van fabrikante in 1908-1914 vir beskerming van nywerhede deur die regering, bv. met hoë invoerregte. Vlnr Thomas Cullinan, Samuel Marks, Joseph Robinson en David Graaff. Die spotprent het verskyn in THE OBSERVER van 10 September 1910.*





*Spotprent in dagblad "The Star", Johannesburg, 12 Junie 1912 op Samuel Marks wat soos 'n magneet al die yster- en staalafval na hom toe trek. Die aanleiding was die stigting van die Union Steel Corporation of South Africa en die konsessie wat hy ontvang het vir al die yster- en staalafval van die Staatsbedrywe.*

*Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*



*Mnr. T.E. Andrews, bestuurslid van GOP, lê 'n blommekrans op die graftombe van Samuel Marks in die begraafplaas aan Rebekkastraat, Pretoria-Wes, op Stigtersdag van Pretoria in November 1992. Agter Mnr. Andrews staan Dr. N.A. Coetzee, voorsitter van GOP.*
*Foto: GOP*



*Graftombe van Samuel Marks in begraafplaas Rebekkastraat, Pretoria-Wes; onder die Davidster bo-aan staan 4 reëls in Hebreeus; daaronder staan:*
*Sacred to the memory of*
*SAMUEL MARKS*
*South African pioneer*
*born in Neustad, Russia, 1843**
*died at Johannesburg*
*on February 18, 1920*
*respected by all who knew him*
*and mourned by*
*his loving wife and children*
*Foto deur Mnr. T.E. Andrews, GOP, November 1992*
**Die korrekte datum is 11 Julie 1844*

**ANEKDOTES BETREFFENDE SAMMY MARKS**

Daar bestaan talle anekdotes oor Samuel Marks en sy verhouding met sy vriende, onder wie president Kruger en generaal Koos de la Rey. Nie alles berus op waarheid nie, maar die meeste is wel tiperend.

Bekend is die storie dat president Kruger aan die Joodse gemeente in Johannesburg slegs die helfte van die grondoppervlak wat ander kerke vir kerkbou ontvang het, wou toestaan, omdat die Jode slegs die helfte van die Bybel - alleen die Ou Testament - as Heilige Skrif aanvaar. Die storie is egter onwaar, die Joodse gemeente het dieselfde grondoppervlak van die ZAR-regering as ander kerke gekry. Miskien is wel waaragtig dat Kruger die sinagoge geopen het met die woorde: In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Vermaaklik is die anekdotes oor die omgang van Marks met Kruger en De la Rey. Mendelsohn wy 'n vol hoofstuk aan die betrekking tussen Marks en die president en skryf onder meer op p.91 van sy biografie van Marks:

"Kruger clearly enjoyed Marks's company - the lively, 'slim' argument, sometimes bordering on the insolent, the cross-fire of argument-clinching illustrations from their favourite text, the Bible, and the banter about Marks's supposed wrongheadedness.

"Sam, there is one thing I would very much like to do before I die."

"What is that, President?"

"I would like to make a Christian of you."

"No, President, if you could do that you would have to banish me from the country, for a converted Jew is not good."

'n Ander verhaal betref 'n snelheidswedstryd tussen die president en Marks van Pretoria na Warmbad. Kruger sou aan Marks gesê het: "Sam, as jy eerste in Warmbad sal aankom, sal jy president word, en as ek eerste daar sal kom, sal jy Christen word." Marks sou geantwoord het: "President, ek kan geen Christen word nie, want 'n bekeerde Jood deug nie."

Johannes Meintjes skryf in "De la Rey - Lion of the West, A biography" (Johannesburg 1966, p.324-325) oor die vriendskap tussen Marks en generaal De la Rey: "In Cape Town the dining room common to both Senate and House of Assembly was the meeting ground where members and their guests met informally ... De la Rey and Sammy Marks usually occupied the same table .. There was always much laughter when the two men came together. They made each other a gift of a Bible and said that now they had two Sabbaths to observe."

'n Bekende, maar twyfelagtige anekdote, deur Mendelsohn vertel op p.vii-viii van sy biografie, betref die replika van die ou Griekse beeld sonder arms van die Venus van Milo. Marks sou die replika in Europa bestel het en by die spoorwegmaatskappy wat hom die replika in Pretoria afgelewer het, gekla het dat die beeld stukkend afgelewer is en dat die arms bowendien soekgemaak is. Hy het toe skadevergoeding verlang. Dit is beskou as bewys van Marks se onkunde van kuns of wel van sy slimheid om skadevergoeding te eis waarop hy nie geregtig was nie. Dit is in elke geval 'n ongeloofwaardige anekdote.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## TOER LANGS SAMMY MARKS-HERINNERINGE IN EN BY PRETORIA

Op 7 Mei 1908 het die tak Pretoria van die Stigting Simon van der Stel 'n bustoer gereël waarop die talryke geboue en ander herinneringe wat deur Samuel Marks nagelaat is, besoek is. Leier van die toer was Robert C. de Jong.

Hieronder volg die toerprogram met 'n nuttige opsomming van Sammy Marks-herinneringe en 'n lewenskets van hom.

Die redakteur van "Pretoriana"

**Program**

09:00 Departure from Burgerspark Hotel

09:45 Eerste Fabrieken

The site of Pretoria's first factory complex: a liquor distillery. Operations commenced in 1883, and it was also known as "Hatherley Distilleries". Sammy Marks was one of the founders, owners and also the driving force behind this enterprise. In due course jam, preservatives, sauce and meat extract were manufactured as well, and since 1896 also glass bottles. The factory closed down shortly after the Anglo-Boer War.

11:00 Swartkoppies: tea and guided tour

Sammy Marks's grand mansion, which together with the outbuildings of his former model farm is run as a museum by the National Cultural History Museum. The oldest part of the house dates from 1882. The design of the house has been attributed to the Dutch architect De Zwaan.

13:00 National Zoological Gardens: picnic or kiosk lunch

14:00 National Zoological Gardens: Sammy Marks Fountain

Donated to Pretoria by Sammy Marks. Manufactured in Glasgow and erected on Church Square in 1906. In 1910 it was moved to the Zoo. It is still there.

14:45 Old Synagogue

Pretoria's first Jewish congregation was founded in 1890. The synagogue was erected in 1897-1898 with generous aid from Sammy Marks who donated the bricks and electric lights.

15:30 Sammy Marks Building and Kynoch Building

The Sammy Marks Building has also been known as the Gundelfinger Building, and later as the Metro Cycle House. It was designed by De Zwaan, and erected for the firm of Lewis and Marks in 1903-1904. The shops were rented to various businesses. The Kynoch Building is one of Pretoria's oldest buildings, and

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was erected between 1876 and 1884. For many years it housed an arms and ammunition dealer.

16:00 Back at Burgerspark Hotel.

The following Pretoria buildings, with which Sammy Marks had something to do, once existed:

Miriam Marks Jewish School (corner Vermeulen and Beatrix Street)

Lewis & Marks Building, Church Square (today First National Bank)

Market Building, corner Church and Van der Walt Street (today Strijdom Square

**Short biography of Sammy Marks**

Samuel (Sammy) Marks was an eminent South African industrial and agricultural pioneer. Born in Neustadt-Sugind, Lithuania, in 1843, he emigrated to England at the age of sixteen, where his first industrial efforts comprised the finishing of certain types of knives in Sheffield. In 1868 Marks reached the Cape, where he spent his earlier years as a "smous". In Kimberley he attained early success and at one stage financed Cecil Rhodes.[1)] With his cousin, Isaac Lewis, who followed him to South Africa, he set up the firm of Lewis & Marks in Barberton, and then moved to Pretoria. With his headquarters at the famous Zwartkopjes Estates, he gained the lasting friendship of President Kruger. He not only set up a model farm at Zwartkopjes, but began, at Hatherley nearby, the first experiments in manufacturing, the place being appropriately known as Eerste Fabrieken. Possessed of enormous vision, he tried his hand at projects as varied as brandy, jam, glass and canning. He opened up the first coal mines near Viljoensdrift, and with Isaac Lewis established the town of Vereeniging. He also started coal-mining on the Highveld near Witbank and at Belfast. At Maccauvlei (Vereeniging) he created one of the largest plantations of trees in South Africa. Following the Anglo-Boer War, he became heavily interested in the cold storage industry at the Cape, to supply the needs of the Rand mine compounds. As early as 1896 he had been attracted by the possibility of establishing a steel industry in the Transvaal, but did not achieve success until 1913, when the Union Steel Corporation of South Africa started its first blast furnace at Vereeniging. Appointed a senator after Union (1910) he exerted a powerful influence in the lobbies, and was in close personal touch with Generals Botha, Smuts and De la Rey.


Sammy Marks married a young woman, Bertha Guttman and was survived by two daughters and four sons. He died on 18 February 1920 and was buried in Pretoria.

---

[1)] This statement is the responsibility of the author (editor).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Zwartkopjes model farm
Eerste Fabrieken (Hatherley Distilleries)
Lewis & Marks (business enterprise)
Coal mines at Vereeniging, Witbank and Belfast
Imperial Cold Storage (ICS) and Rand Cold Storage
Union Steel Corporation (USCO),
Miriam Marks Jewish School, Pretoria
Synagogue, Pretoria
Kruger Statue, Pretoria
Zoo Fountain, Pretoria
Jewish Land Settlement Association of South Africa (1911)
Chairs of Hebrew at the universities of Cape Town and the Witwatersrand




*Die eerste Joodse synagoge (Grieks vir godsdienstige byeenkoms) aan Paul Krugerstraat oossy in Pretoria-Sentraal, voltooi in 1898. Die argitek is tans onbekend – vergeet. Die boustyl is Neo-Bisantyns, oorgeneem uit Rusland, land van herkoms van die Litouse Jode, onder wie Samuel Marks. Die gebou het later gedien as geregshof en is tans opslagplek van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die verdien in die hoofstad Pretoria 'n waardiger bestemming.*
*Foto: C. de Jong 1992*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Hoofingang van die plaashuis Zwartkoppies van Samuel Marks by Pretoria. Dit is nou huismuseum van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria.*
*Foto: C. de Jong 1984*



*Die Sammy Marks-spuitfontein op Kerkplein in Pretoria. Marks het die fontein aan die stad Pretoria geskenk ter vervanging van sy vroeëre geskenk: 'n standbeeld van president Kruger. Die fontein het van 1907 tot 1913 op Kerkplein gestaan en is toe verplaas na die dieretuin weens heraanleg van Kerkplein. Dit staan daar nog.*
*Foto afkomstig van T.E. Andrews, GOP*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**UNVEILING OF A PLAQUE IN HONOUR OF SAMUEL MARKS IN THE FIRST NATIONAL BANK ON CHURCH SQUARE 26, PRETORIA**

In 1993 the chairman of the Pretoria Historical Association, Dr. N.A. Coetzee, suggested to the Board of the First National Bank to place a plaque in honour of Samuel Marks in their premises on Church Square at Pretoria on the site where the firm of Messrs Lewis and Marks had their office. The Board complied with pleasure. The text of the plaque, initially suggested by Dr. Coetzee, was added to and streamlined by the Bank's Communication Division and Museum staff, in conjunction with an outside artist. The bronze plate was placed in the Foreign Exchange Department in the Bank's office building, looking out on Church Square, which is steeped in history, and on the statue of President S.J.P. Kruger, donated by Marks to the Zuid-Afrikaansche Republiek. There the bronze plate is safe against vandalism and theft.

It was unveiled in a ceremony on 23 March 1994, at 17:30, which was attended by Mr R.B. McElligott, the Group's Secretary, Mr. D.M. Harris, General Manager of the Northern Transvaal Region, other senior Bank employees, committee members of the Pretoria Historical Association and the press. Speeches were delivered by Mr D.M. Harris and Dr. N.A. Coetzee in reply. The text of Mr. Harris' speech is based on research done by Mrs. Anna Steyn, assistant curator of the Bank Museum at Johannesburg and follows hereafter.

The unveiling of the plate was a worthy ceremony to honour one of the pioneers of the economic development not only of Transvaal but of South Africa as well.

The Old Pretoria Society wants to thank the Group's Secretary, Mr Brenden McElligott, the General Manager, Mr. Dave Harris, Mrs Anna Steyn of the Bank's Museum Research and Mr Irvin Theron, Branch Manager of the First National Bank, Pretoria.

The inscription on the unveiled plate reads as follows:

**IN HONOUR OF SAMUEL (SAMMY) MARKS**
**BORN LITHUANIA 1844 - DIED SOUTH AFRICA 1920**

The Lewis and Marks building, which was situated on this site, was the Pretoria office of one of South Africa's great personalities and entrepreneurs, Sammy Marks. He was a true pioneer in agriculture, mining and industry.

**TER ERE VAN SAMUEL (SAMMY) MARKS**
**GEBORE LITAUE 1844 - OORLEDE SUID-AFRIKA 1920**

Die Lewis en Marks-gebou, wat hier geleë was, was die Pretoria-kantoor van een van Suid-Afrika se groot persoonlikhede en entrepreneurs, Sammy Marks. Hy was 'n ware pionier in die landbou, mynwese en nywerheid.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Sammy Marks Project**

De Nationale Bank, First National Bank's main predecessor, opened for business in temporary premises on Church Square on 15 April 1891. The Bank purchased an erf on the western side of Church Square from A.H.N. Nellmapius and then ran a competition for architects in "The Press" newspaper, requiring the submission of plans for the bank building to be erected on the erf. Mr Emley of Emley and Scott, architects, won the first prize of £100. The building contract was awarded to Mr John Kirkness who constructed the bank and the mint buildings for an amount of £14 627. Business was conducted from the new premises as from 15 May 1893.

In 1902, after the Anglo-Boer War, the Bank changed its name to the National Bank of South Africa Ltd. By 1914 the National Bank had taken over the National Bank of the Free State, the Bank of Africa and the Natal Bank.[1] The premises on Church Square continued to house the Head Office of the enlarged National Bank. In 1914 the building was renovated and in 1921 the old mint premises were converted to accommodate the Accounting Department and part of the Pretoria Branch.

**Sammy Marks**

Sammy Marks was reared in the orthodox Talmudic traditions of a small, East European, Jewish community. He emigrated to Sheffield, England, before age eighteen, where Tobias Guttman, jeweller, hawker and cutler, befriended him and became his mentor. (Marks married his daughter, Bertha, in 1884.) Guttman suggested that Marks should try his luck in South Africa and paid his passage to Cape Town. On his departure Guttman presented Marks with a large case of knives.

Marks arrived in South Africa in 1868 and started off by hawking his knives round and about Cape Town. It was not long before Marks had made a good profit, purchased a horse and cart and other goods, and together with his distant cousin, Isaac Lewis, who had joined him, peddled their goods in the suburbs of Cape Town. This was the start of a business association that would last for more than 50 years.

With the discovery of diamonds in Griqualand West and Kimberley, Marks and Lewis moved northwards and set up a store in Kimberley. They soon became involved in the gem business itself and even worked their own claims. When they were squeezed out by the amalgamation trend,[2] Marks and his partner purchased farms along the north bank of the Vaal River in 1881. Utilising the plantations on these farms, they supplied the diamond diggings with wood and fuel.

Lewis and Marks started operating in the Eastern Transvaal with the advent of the Barberton gold-rush of the 1880's. They were launched into their first major enterprise through their shareholding in the famous Sheba Gold Mining Co, probably the most lucrative property in the Transvaal at that time.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Marks recognised the potential of the gold discoveries on the Witwatersrand and formed, with Lewis, one of the "big ten" syndicates, African & European Investment Co, operating from Johannesburg, in the early 1890's. Marks, however, was not a gold-mining financier, his primary interests were agriculture, livestock, coal, forestry and manufacture. On his farm, Hatherley, to the east of Pretoria, he and his partner launched a series of new industries - Eerste Fabrieken. There was a glass factory, a tannery and boot factory, fruit and meat-preserving plants, a brewery and distillery and a brick and tile works.

The Vereeniging Estates Ltd. was one of the most important interests of Marks and his partner. They supplied the Witwatersrand gold fields with fuel from the vast coal reserves and the mines with wood from the extensive forests under their control. There were also milling facilities and grain elevators. The clay used for the brick and tile works was found on the property in nearly inexhaustible amounts.

Marks was a pioneer in agriculture. Needing barley for his brewery he imported high-quality seed and distributed it to the farmers in the Transvaal, encouraging them to grow it for commercial purposes. He also encouraged the planting of orchards in order to get supplies for his jam factories.

Marks had little interest in politics but was respected and trusted by Kruger as well as Rhodes. He donated the statue of President Kruger, sculptured by Anton van Wouw, to the government of the Zuid-Afrikaansche Republiek. It was completed before the outbreak of the Anglo-Boer War, but was only erected in Church Square many years later.

**The 1898 Sammy Marks "Tickey"**

President Kruger thought so highly of Marks that he once allowed Marks the use of the Transvaal mint for the production of 215 gold "Kruger tickeys". These "coins" were never legal specie but "pattern pieces". Nobody knows why Marks wanted the tickeys. One theory is that he wanted to have them made up into an unusual necklace for his wife. Another is that he intended having a large dinner party and wanted to give a gold tickey to each of his guests as a memento.

The 1898 threepenny dies were used to strike the coins. These dies can be seen in the Mint Museum. Many replicas and forgeries of the Sammy Marks "tickey" are in existence today.

**Marks and his Association with the National Bank of SA Ltd**

The firm of Lewis and Marks was the holder of 14 founders shares in the National Bank, First National Bank's major predecessor.

Ten of these shares were purchased by Lewis and Marks from William Robertson in February 1896, in London. Robertson had purchased the shares from the original holders, J.H. Schröder & Co. of London.

In March 1899 Lewis and Marks purchased 4 more founders shares from Robert Warschauer & Co of Berlin, the original

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

holders of these 4 shares had been the Berliner Handelsgesellschaft.

**Marks and his Association with the bank of Africa**

It is apparent from the records of the Bank of Africa, another important predecessor of First National Bank, that Marks had sent his brother Joseph to Barberton to attend to the firm's business in that town. The records show that Joseph had been issued with a Letter of Credit for an amount of £200, guaranteed by Marks, on 22 September 1888. The Letter of Credit was paid and returned to Marks on 25 May 1889.

In the 1880's the Bank of Africa, Barberton, leased premises from Lewis and Marks. Their building was one of the most imposing buildings at that time. It was a double storey built of brick and was situated in the hub of the business district on Market Square. The Sheba Gold Mine delivered their gold to the Bank of Africa, who in turn arranged for its shipment to England and the sale thereof in London.

**The Hon. Hugh Crawford MLC**

Hugh Crawford, a member of the Board and Chairman of the National Bank for 21 years, worked for Lewis and Marks at their Pretoria office on Church Square. From 1888 to 1905 he was Marks's right hand man. Crawford was highly respected and trusted by Marks. He also served as alternate director on some of the boards on which Marks served.

**First National Bank's Association with Sammy Marks**

Sammy Marks, one of South Africa's great personalities and entrepreneurs, has been associated with First National Bank for more than a century. The firm of Lewis and Marks were holders of founders shares, in the 1890's, in one of First National Bank's major predecessors, the National Bank of SA Ltd. Lewis and Marks dealt extensively with the National Bank, especially in regard to their Bills of Exchange business.

The Bank of Africa, another important predecessor of First National Bank, rented premises in the 1880's from Lewis and Marks in Barberton. This Bank handled the gold sales, in London, on behalf of Lewis and Marks who had a large shareholding in the Sheba Gold Mine at Barberton.

In 1940, First National Bank, which was known at that time as Barclays Bank (DC&O), purchased the historic Lewis and Marks Building, erected in the 1880's, so that they would be able to extend their Pretoria flagship premises at 206 Church Street in the future. But only in 1968 did the board of the Bank approve an extension on the Lewis and Marks site.

The extension was perfectly matched by the well-known architects Daneel, Smit & Partners. work on the extension was completed towards the end of 1972. Today, the extension houses, inter alia, the savings bank department, foreign exchange, the parking garage, etc.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**First National Bank's Buildings at 206 Church Street, Pretoria**

By the early 1930's the Head Office premises of Barclays Bank (DC&O)[1] in S.A. located at Pretoria at that time, had become very short of space. The old building on the western side of Church Square Pretoria had been occupied since 1893. The Board of the Bank authorised the purchased of erf 324 on the corner of Church Street and Church Square (eastern side of the Square), and the sale was concluded on 30 June 1934 for an amount of £92 073-8s-7d (inclusive of transfer fees).

**Alexandra Building**

The erf had 110 ft frontage on Church Square and 234 ft on Church Street. The building located on the erf was the well-known Alexandra Building, which at the time of purchase belonged to the Transvaal Property & Investment Co. Ltd. Alexandra Building was 2 storeyed and built of brick under an iron roof. It appears to have been built in 1890 and was known at that time as Mortgage Building - it belonged to the Transvaal Mortgage and Loan Co. The name changed to Alexandra Building in 1905/1906, in honour of Queen Alexandra, wife of King Edward VII of England. Alexandra building was never occupied by the Pretoria Head Office and Branch of Barclays Bank (DC&O). The offices and shops were to let.

Gordon Leith, architect, was commissioned in November 1934 to draw up the plans for the new Pretoria Head Office and Branch. The plans were approved by the London board of the Bank towards the end of 1935 and beginning of 1936, after Leith had visited London. In June 1936 tenders for the demolition of Alexandra Building were called for. The main building was demolished, however, some of the shops fronting Church Street were retained and remained let.

The contract for the erection of the new Head Office Building was awarded to the builders Hoheisen & Co. Ltd. Their initial quote had been £176 500 but the final cost of the building amounted to £218 251-19s-10d. By December 1936 the excavation of the site had neared completion and building operations commenced in the new year. It took until 1939 to complete the building. Most of the Bank's departments moved in on 14 September 1939 and the rest on 30 September of that year when the sixth floor had finally been completed.

**Lewis and Marks Building**

As early as 1940 the Bank was looking to the future in regard to possible extensions to the "new" building. It was decided that expansion would not be feasible on the Church street side of the building where the shops were located. The position of the lifts and the Church Street entrance made an alteration to the building on this site of the building, this would be well utilised at a future date, should extensions be required.

Authorisation for the purchase of portion of erf 323 with buildings, from the African and European Investment Co.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Ltd was given by the London Office of the Bank on 9 February 1940. Thus the Lewis and Marks Building was acquired by Barclays Bank (DC&O) on 19 April 1940 for an amount of £19 199-15s.

The Lewis and Marks Building appears to have been built before 1889 prior to either the Erasmus building which had been located to the right and the Alexandra Building which had been its neighbour to the left. As no extra accommodation was required by the Bank at that time the two-storeyed Lewis and marks Building was let. The tenants in December 1940 were as follows:

African and European Investment Co. Ltd

R.L. Frank (agent)

Garlicks Stores - they rented a storeroom

Harris Hardware

K.S. Plant (brokers agent)

Stegmann, Oosthuizen & Jackson (solicitors)

By 1945 the Pretoria Bank premises had already become congested and throughout 1946 planning and discussions took place to extend the premises over the Lewis & Marks site. Mr Gordon Leith had even been asked to prepare plans as well as a scale model of the proposed alternation which was shipped to the London Office. Nothing, however, materialised and the Head Office of the Bank was moved to Johannesburg in December 1959, which solved the accommodation problems for the immediate future.

It was only in November 1968 that the Board approved extensions to the 206 Church Street Building over the Lewis & Marks site.[3] The extension, apart from office space and a mezzanine floor included a basement for parking and offloading of cash and enlargement of the ground floor banking hall. The full cost of the work was estimated at R1 340 000. The architects were the firm Daneel, Smit and Viljoen of Pretoria (this firm is now known as Daneel, Smit & Partners, and are still involved when work is done at 206 Church Street).

Tenders were called for early in 1970. The builder awarded the contract was Zijlstra Builders. Great care was taken to match the original building in style, finish and material. The extension was completed towards the end of 1972.

**References**

First National Bank Archives:

Premises letters - London/S.A. 1927-1947
Minutes of S.A. Board Meetings 1930-1975
"Return" of Bank Premises R12's
Routine Advised 1939-1972
Photographs

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Books:

"Young Pretoria 1889-1913" by Lola Dunston in collaboration with Dr Ton Dunston
Institute of Bankers Journals 1939/1940

Other:


Architects: Daneel, Smit & Partners Pretoria (Mr A Booma)
FNB Premises Division - Johannesburg - Mr Vermeulen

**References**

1) In 1926 the Barclays Bank DCO (i.e. Dominion, Colonial and Overseas), head office London UK, amalgamated with the National Bank of South Africa; the shareholders of the late Bank exchanged their shares in shares of Barclays Bank DCO which maintained the name of National Bank of South Africa as the second name of the South African institution, until it changed its name again to First National Bank of Southern Africa. (Note of editor of "Pretoriana".)

2) The amalgamation trend in the diamond business at Kimberley was initiated by the magnates Barney Barnato and C.J. Rhodes. Rhodes formed the monopolistic De Beers Company. (Editor of "Pretoriana".)

3) During the 50's and 60's the Barclays Bank, also named National Bank of South Africa, let part of their building on Church Square, previously owned by Lewis & Marks, to the Nederlands Boekencentrum. This bookshop was owned and managed by the Dutchman Dr. Jan Visser. His bookshop was a meeting point for Dutchmen in Pretoria and he was a character among them, owing to his beard and academic title of doctor. The Nederlands Boekencentrum was moved to a house in Arcadia in 1968 and was liquidated ten years later, soon after Dr. Jan Visser's death. (Note of the editor of "Pretoriana".)



*Historical event on Church Square, Pretoria: parade of British troops for the C in C Lord Roberts on 5 June 1900 on the occasion of the occupation of Pretoria; in the background are from left to right Erasmus Building; Lewis and Marks Building (with white façade); Mortgage Building (later called Alexandra Building); entrance to Church Street East; "The Corner" (building). Marks did not see this parade, he was at Zwartkoppies.*

*Photo of T.E. Andrews, GOP*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Meeting for the unveiling of the Samuel Marks plaque in the First National Bank (FNB) on Church Square, Pretoria, on 23 March 1994. Form left to right the Bank employees Mrs. Sua Smith, curator of the FNB Museum at Johannesburg - J.H. Gunn, Assistent manager FNB Northern Transvaal - I. Theron, Manager Pretoria branch FNB - Mrs. Anna Stey, Assistent Curator FNB Museum at Johannesburg - Brenden McElligott, Group Secretary of FNB.*

*Photo: FNB Museum*




*The Samuel Marks bronze plaque which was unveiled in the First National Bank on Church Square, Pretoria, on 23 March 1994.*

*Photo: First National Bank Museum, Johannesburg*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**BESKRYWING VAN MARKS SE KANTOOR AAN KERKPLEIN**

Marks het sy Pretoriase kantoor gevestig aan die ooskant van Kerkplein, die sentrum van die staatkundige en finansiële lewe in die hoofstad van die ZAR. Richard Mendelsohn gee op p.57-58 van sy biografie van Marks die volgende skilderagtige beskrywing van Marks in sy kantoor aan Kerkplein vóór die oorlog 1899-1902.

Since the distillery and the other activities at Hatherley were so dependent on government support, it made good sense to be headquartered in Pretoria with the Boer legislators and civil servants close at hand.

The Pretoria offices in the 1890s were in a modest building on the east side of an increasingly august Church Square. Beside Lewis and Marks the building also housed a firm of attorneys, Stegman and Esselen, whom Sammy Marks often consulted, and the office of the Selati Railway, a company that defended dubious concession to build a railroad in the eastern Transvaal by distributing spiders' - light carriages - amongst members of the Volksraad. Church Square, the Standard Bank had reported in 1890, was 'the centre of all the financial institutions in Pretoria'. Around the Square lay the Bank of Africa, the Natal Bank, the Standard Bank, the Netherlands Bank, and the National Bank, the South African Republic's proud creation.

Dominating Church Square and overshadowing Marks's modest office building were two monuments to the growing prosperity and pretensions of the South African Republic. These were the grand new law courts on the north side of the square, closest to Lewis and Marks, and the imposing government building on the south side of the square which housed the Volksraad chambers. Marks was thus just a short stroll from those on whose support his enterprises depended. Marks conducted much of his business in the street. Always informal, he often met people outside his office to discuss money, politics and the rest. As George Falcke, his nephew and long-time confidential secretary recalls, Sammy would take up "his familiar attitude just outside the window of his office, his two elbows wedged in the extremities of the window sill, his body leaning, and his one heel against the wall. He would hail people from all parts of Church Square and often assemble a large crowd in this manner.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# LEWENSKETS VAN DS. PIETER VAN DRIMMELEN 1873-1919 (2) BESOEKE AAN ANGOLA EN LEWENSEINDE

deur C de Jong

## Die Dorslandtrek

Die lewenslot van Ds. Pieter van Drimmelen het vanaf sy ampsvervullling in Zeerust saamgevloei met die lewenslot van die Dorslandtrekkers wat hulle in Angola gevestig het. Hy het hulle driemaal, in 1910, 1914 en 1918/19 besoek vir hul geestelike versorging en by hulle gesterf; hy is tussen hulle begrawe. Daarom volg hier 'n oorsig van die Dorslandtrek en vestiging in Angola - beknop, want daar is reeds veel oor dié gewilde onderwerp gepubliseer.[1)]

Tussen 1836 en 1855, jaar van stigting van Pretoria, het die Groot Trek uit die Kaapkolonie plaasgevind en is die Boererepublieke Oranje-Vrystaat en Zuid-Afrikaansche Repu-bliek (ZAR) in Transvaal gestig. Na die Groot Trek van die Voortrekkers het nog verskeie natrekke uit die republieke na buurlande gevolg. Die bekendste daarvan is die Dorslandtrek tussen 1874 en 1890. Dit was die verste en omvangrykste trek en het uit Wes-Transvaal deur die Kalahari, Dorsland genoem, in Betsjoeanaland na Suidwes-Afrika en Angola gelei. Sestig jaar later, in 1928, het amper al die Afrikaners Angola verlaat en hulle in Suidwes-Afrika gevestig.

## Die trekgroepe

Verskeie groot en klein trekgroepe het aan die Dorsland-trek deelgeneem. Onder hulle was drie hoofgroepe. Die eerste groep het onder leiding van G.J.S. (Gert) van der Merwe en Gert Alberts[2)] gestaan. Gert van der Merwe se vader Johannes Marthinus (Hans) het sy plaas by Bronkhorstspruit by Pretoria aan Guillaume van Niekerk uit die Kaapkolonie verkoop en hom as oudste trekker by sy seun aangesluit. Na hom is die eerste groep die Van der Merwetrek genoem. Die meeste lede was afkomstig uit Wes-Transvaal uit die omgewing van Rustenburg, maar verskeie vooraanstaande trekkers was uit die omgewing van Pretoria. Gert Alberts se plaas was Apiesrivier by Pretoria.

Hulle het sowat 'n jaar in laers by die Limpoporivier gestaan en na lang wag toestemming van hoofman Khama vir die trek deur sy gebied gekry.

In Mei 1875 het hulle die tog deur die Kalahari aange-pak. Die tog is deur die leiers goed beplan en hulle het 11 gesinne sterk met 16 waens en duisende stuks vee sonder al te groot verlies aan vee aan die Meersrivier of Botlele aange-kom, verder getrek na die Ngamimeer, daar 'n maand gewag op verlof van Namahoofman Andries Lamberts om tydelik by Rietfontein te kamp en 'n ompad na Ghanzi gevolg. Weens longsiekte het hulle daar drie maande gebly voordat hulle op 28 Januarie 1876 op Rietfontein aankom.

Die tweede groep het onder leiding van L.M. (Louw) du Plessis en Jan Greyling gestaan. Die groep was groot: 480 blankes met 128 waens, amper 2000 trekosse en veel vee. Die leiding was baie swak, die groep het in April 1877 in een

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Sketsplan van die Trek (Dorlandtrek uit Transvaal na Angola) "soos die voël vlieg".*
*Met dank oorgeneem uit Andries Alberts, "In vreemdelingskap", Groblersdal 1990, p. 13.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

klomp getrek, sodat in die watergate te min water vir al die mense en diere was. Na besonder swaar verliese en groot ellende het die groep aan die Ngamimeer gekom. Hulle het vandaar hulp aan die eerste groep op Rietfontein gevra en gekry in die vorm van 200 trekosse.

Die derde groep was klein, 40 mense met 8 waens onder die verstandige leiding van Johannes F. Botha. Hy het van Khama verlof van deurtog ontvang en sy groep met klein verlies na die Ngamimeer gebring.

Die meeste lede van die drie trekgroepe, uitgesonderd die groep onder Jan Greyling, het hulle verenig by Rietfontein en daar amper twee jaar gestaan. Toe het hulle na Tebra getrek, hulle daar verenig met die oorskot van Greyling se groep, en noordwaarts na Leeupan getrek. Daar het hulle gereorganiseer, Johannes F. Botha as algemene trekleier gekies en die trekreëls verskerp. Die trek het die Okavangorivier gevolg, maar as gevolg van die vyandige houding van Ovambo's op die rivierbanke en van koors weggedraai na die Etoshapan en uitgekamp op Namutoni. Kommandant J.F. Botha het 'n groep verkenners onder Gert Alberts uitgestuur om die onbekende, droë Kaokoveld te verken. Alberts-hulle het verskeie oases aangetref en in hul verslag die oase by Otavi aanbeveel. Oor Okaukuejo het die trekkers na Otavi gegaan en daar 'n tydelike nedersetting met eenvoudige kliphuise aangelê en Rusplaas genoem.

Hulle het daar besoek van handelaarjagters gekry wat hulle merendeels goed gesind was. Hulle was Axel Ericsson, Pieter Botha en William Worthington Jordan. Ericsson het 'n brief in 'n Kaapstadse koerant gepubliseer en daarin die aandag op die moeilike toestand van die Dorslandtrekkers in die Kaokoveld gevestig. Hulle het steeds algemene belangstelling ondervind en die gevolg was die organisasie van 'n amptelike en private hulpaksie. Oor Walvisbaai is per ossewa vir £ 5658 aan goedere na die trekkers gestuur.

Van veel belang was die optrede van die reisende handelaar William Worthington Jordan van Kaapstad[4)] wat die land goed geken het. Hy het hul belangstelling vir die Hoëveld in Angola gewek. Dit lê 1000 tot 2000 meter bo die see en het 'n gunstige klimaat met oorvloedige reën, met koel nagte en winters, sonder malariakoors. Daar was oorvloedige water, weiveld, bos vir houtkap, akkerbougrond en jagwild en die binneland was dun met swartes bevolk. Later is in Angola talle edele en onedele delfstowwe ontdek. Angola is in Afrika die gebied met die rykste en meeste natuurgawes. Dit was in die 19de eeu nog geheel onontwikkeld, maar veelbelowend.

Jordan was bekend met Angola en die Portugese taal en outoriteite en het 'n afvaardiging van Dorslandtrekkers na Mossamedes vergesel. Hulle het daar op 11 Augustus 1880 'n ooreenkoms met die plaaslike Portugese goewerneur onderteken en vestigingsregte en grond in Angola gekry. Die Dorslandtrekkers het met hul kuddes by die Ruacanawaterval oor die Kunenerivier gegaan en op 28 Desember 1880 in die streek Huila aangekom. Hulle het daar die dorp Humpata by die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hedendaagse stad Lubango gestig en die dorp São Januario genoem.

**Die natrekke**[5)]

Kleinere groepe het later die trekpad van die bovermelde drie groepe na Angola gevolg.

(A) Die "Humpatatrek" in 1883 - Die groep van 7 gesinne het uit Transvaal vertrek omdat die ekonomiese toestand daar na die Eerste Anglo-Boere-oorlog 1880/81 sleg was weens droogte, veesiektes en lae landboupryse. Hulle het na die Ngamimeer en die Okavango getrek en dié rivier gevolg, 'n drif in die Kunene oorgesteek en in November 1883 met betreklik min lyding en verliese op Humpata aangekom.

(B) Die trek in 1893 - Die Boere in Angola het hul familie en bekendes in Transvaal gunstige berigte oor dié land gestuur en in 1893 was daar weer 'n groep wat ontevrede oor hul toestand in Transvaal was en na Angola gegaan het. Die groep het ongeveer 40 gesinne met 1000 los beeste getel en het uit die streek by Mafeking oor Lehutu, Tsetseng en Ogli na Rietfontein getrek. Die groep van 40 gesinne het na Grootfontein onderweg baie dors gely, oor Namutoni na die Kunene gegaan, die rivier oorgesteek en in September 1894 op Humpata aangekom. Sommige van hulle het Bihé as eindbestemming gekies onder invloed van propaganda, in Transvaal vanuit Humpata vir vestiging in Bihé gemaak. 'n Kreupelgedig in die Pretoriase koerant "Land en Volk" van 1892 pleit vir trek na Bihé en is met toeligting na die onderhawige artikel herdruk.[6)]

(C) Die na-oorlogse, laaste trek - Die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 het die boere in Transvaal swaar verliese aan vee, oeste en opstalle toegebring en na die oorlog het 'n diep en lang ekonomiese depressie Suid-Afrika in 1903-1910 gekwel. Daarom het by talle Suid-Afrikaners die trekgees herleef. Uit Waterberg in Transvaal het in Junie 1905 12 gesinne met 14 ossewaens op pad na Angola gegaan. Die tog het via die Ngamimeer reg na die Okavango gegaan, die rivier oorgesteek en na die noordweste Angola ingetrek, waarby hulle veel aan koors gely het. Van Menange het een groep na Humpata en een na Bihé gegaan en daar in Maart 1906 aangekom.

**Die vestiging in Bihéland**

Sommige Dorslandtrekkers is spoedig na hul vestiging by Humpata teleurgestel in die gesondheid van die streek vir mense en huisdiere en in die afmeting en bruikbaarheid van die grond wat die Portugese owerheid aan hulle toegeken het. Verskeie van hulle, onder andere exleiers Louw du Plessis en Diederik Prinsloo, het terugkeer na Transvaal oorweeg en teruggegaan na Suidwes-Afrika waar hulle die kortstondige republiek Upingtonia gestig het. Ander boere te Humpata het elders in die uitgestrekte, ryk bedeelde Angola betere

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vestigingstreke gaan soek en dié gevind op die Hoëveld van Middel-Angola, 1500 tot 2000 meter bo die see.

Dit het tot 1890 geduur voordat die vestiging in Bihé begin het. Van die Boere op en by Humpata het toe die helfte of meer hulle aangesluit by 'n militêre ekspedisie van Portugese na Bihé wat die streek wou onderwerp en 'n fortjie stig. 'n Groep boere het hulle gevestig te Hanja, Que en Catabellarivier. Hulle het daar 'n goeie bestaan gevind en in 1906 'n eie Gereformeerde gemeente met 'n eie leraar gestig.[7] Die Boere te Humpata het in 1886 en 1892 afgevaardigdes na Transvaal gestuur om koloniste te werf. Die afgevaardigdes was in 1892 D.P. Black, 'n handelaar op Humpata, en twee Dorslandtrekkers, P.J. van der Merwe en J. Robbertse. Hulle het sukses gehad, want in die ZAR was die trekgees weer lewendig. Hierbo is reeds verwys na die natrek uit Transvaal na Humpata en Bihé in 1893. Die kolonisasie deur die Boere is met medewerking van die Portugese owerheid uitgebrei na Bihé in Midde-Angola.

Nietemin mag ons die boere in Angola nie beskou as suksesvolle boere wat spoedig tot welstand gekom het nie. Daarvoor was die land nog te onontwikkeld. Hul bestaansmiddele was dieselfde as voor en tydens hul Dorslandtrek en eenvoudig. Daar was in Angola geen afsetmarkte vir akkerbou- en tuinbouprodukte nie, afgesien van beskeie verkope aan kusdorpe en garnisoene. Die Boere het land- en tuinbou grotendeels vir eie behoeftes bedryf. Hoofmiddel van bestaan het die veeteelt gebly. Dit was die aanteel van slagdiere, trekosse en rydiere, begunstig deur afwesigheid van sommige endemiese siektes soos perdesiekte en ngana. Vee is geruil met swart stamme. Lewende vee en biltong kon oor groot afstande vervoer word en daarvoor was afsetmarkte.

Bykomende belangrike bestaansmiddele was die jag en transportryery. Daar was in die eerste jare volop jagwild. Later moes die wild veel verder weg gesoek word, maar dit was nog beskikbaar. Jagprodukte was waardevol en kon uitgevoer word of aan reisende handelaars verkoop word. Die Boere het spoedig met transportryery begin, want ossewaens met trekosse was by die inboorlinge en Portugese nie in gebruik nie, hulle het gewerk met karavane swart draers met laste op hul koppe. Die boere het in 'n groot behoefte aan vervoer voorsien en transport gery dwarsdeur Angola en na die buurlande, veral vanuit die sentraal geleë Bihé. Verder het die Boere die Portugese gehelp met aanleg van paaie, brûe en forte.[8]

**Kerklike toestande onder die Doslandtrekkers en Angola-Boere**

Die meeste trekkers was afkomstig uit Wes-Transvaal, veral uit die omgewing van Rustenburg, en Gereformeerd. Andere was lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk, waarvan die meeste lidmate Transvalers was, of van die Nederduits Gereformeerde Kerk, waarvan die meeste lidmate in die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat gevestig was. Agterblywende geloofsgenote van die trekkers het steeds veel belangstelling in hul wel en veral hul wee getoon en gepoog

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om hulle te help. Veral die Gereformeerde Kerk in en buite Transvaal was aktief met die stuur van besoekende predikante en hulpverlening, voor, tydens en na die trek na Angola. Ds. L.J. Louw van Rustenburg het die eerste groep in 1874 en die tweede groep in 1875 by die Limpopo besoek, gepreek en sakramente bedien en in die tweede groep drie ouderlinge en drie diakens bevestig. Amper alle trekkers het hulle by die aldus gestigte trekkergemeente van die Gereformeerde Kerk aangesluit. Ook ds. Jan Lion Cachet van die gemeente Philipstown by De Aar, voorheen van Rustenburg, het die tweede groep besoek, maar hy wou hulle nie vergesel nie. Pogings van predikante, onder wie ds. Lion Cachet, om die trekkers in die Kaokoveld te besoek, het misluk omdat hulle die gebied nie kon bereik nie. Eers na die vestiging te Humpata was dit moontlik om via die hawestad Mossamedes met hulp van Portugese outoriteite die trekkers te besoek. Hulle moes jare lank tevrede wees met besoekende predikante, hoewel hulle verskeie beroepe uitgestuur het. Hulle het besoek gehad van ds. Lion Cachet van Philipstown in 1881, ds. Dirk Postma van Fauresmith (OVS) in 1887-89, ds. L.P. Vorster van Philipstown in 1892, wat Humpata asook die boere in Bihé besoek het, ds. C.J.H. Vorster van Bethulie in 1894-97, na 'n onderbreking as gevolg van die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902 ds. T. Hamersma van Philipstown in 1903 en ds. P.C. Snyman in 1907.[9)]

Sommige predikante se verblyf was langduriger, maar is beëindig deur ernstige siekte of oorlyde. Ds. Dirk Postma het 'n beroep aangeneem en was twee jaar op Humpata, maar weens 'n ernstige senu-instorting met ons onbekende oorsaak moes hy na Suid-Afrika terugkeer, waar hy herstel het. Die net so toegewyde ds. J.H. Vorster, vader van ds. L.P. Vorster, het by sy afskeidsbesoek aan Humpata in 1899 daar gesterf. Ds. P. van Drimmelen, oor wie ek hierna sal berig, het die Nederduits Hervormde gemeentes in Angola in 1910, 1914 en 1918/19 besoek en is in 1919 te Humpata oorlede.

Ds L.P. Vorster het in die verslag van sy besoek aan die Angola-Boere aan die algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk berig oor ongunstige omstandighede vir die godsdienssin van die Boere:

(a) lang afwesigheid weg van hul gesin en hul kerk weens transportryery en jag;

(b) aanraking met ander blankes van ongunstige karakter en slegte allooi soos dikwels in kolonies aangetref word;

(c) nabyheid van Rooms-Katolieke sendingstasies en bekeringsywerige missionarisse, merendeels goed opgeleide Jesuïete.

Sommige Boere het dié sendingstasies egter geprys. Andries Alberts skryf dat op die stasie te Humpata 'n mooi katedraal en godsdiensskool was, en ook 'n groot aantal nuttige nywerheidsbedrywe, elk behartig deur 'n monnik wat 'n meestervakman was. "Die Boere was van hierdie Roomse afhanklik. Hulle het ... op vriendskaplike voet met hulle verkeer" (p.115).[10)]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Die sendingskwessie en kerkskeuring**

Die Dorslandtrekkers is op hul trektogte na Suidwes-Afrika en Angola vergesel deur 'n groot aantal bruin en swart personeel en hul gesinne en huisdiere, wat hul lief en veral leed ten volle gedeel het. Die bruin en swart mense of gekleurdes het Afrikaans as omgangstaal en talle gewoontes van die blankes oorgeneem, is daarom "makvolk" genoem en was gereeld aanwesig by huisgodsdienste en openbare godsdiensoefeninge. Hulle het op Humpata ten dele in diens van die Angola-Boere gebly, ten dele hulle aldaar op klein plase gevestig en hul eie Gereformeerde gemeente, die sendingsgemeente Katunda, gestig. Kragtens 'n algemene besluit van die sinode van die Gereformeerde Kerk was die gemeente São Januario verantwoordelik vir die geestelike versorging van die plaaslike sendingsgemeente Katunda. Die houding van die Angola-Boere jeens die makvolk was welwillend patriargaal met vermyding van gelykstelling van gekleurdes met blankes.

Die besoekende leraars en die kerkraad het hul verantwoordelikheid vir die sendingsgemeente Katunda aanvaar, maar die kerkraad het in 1890 aan ds. D. Postma verklaar: "Ons is volstrek nie van plan om van hulle (gekleurdes) here en juffrouwens te maak nie, want ons is van gevoele dat God aan elke mens sy plek in die maatskappy en kerk aanwys." Die kerkraad het gelykstelling tussen blankes en gekleurdes beslis afgewys.[11)]

Dit lyk of besoekende predikante by geleentheid aandag aan die sendingsgemeente gegee het, maar die omvang daarvan is onduidelik. Dit het verander toe saam met ds. C.J.H. Vorster en sy gesin in 1894 die Friese onderwyser Pieter Biewenga uit Nederland op Humpata aangekom het. Die kerkraad het hom onmiddellik benoem tot godsdiensonderwyser en oefenaar vir die sendingsgemeente Katunda. Hy het uitstekende werk verrig en in 1895-97 teologie in Nederland gestudeer. Terug op Humpata het hy die Kuratore van die Teologiese Skool te Burgersdorp gevra om die proponentseksamen skriftelik te mag aflê. Die Kuratore het in 1899 die eksamenvrae aan ds. C.J.H. Vorster saamgegee, maar die oorlyde van ds. Vorster in dié jaar en die oorlog 1899-1902 het vertraging veroorsaak. Eers in September 1902 is aan mnr. Biewenga meegedeel dat hy as proponent aanvaar is. Hy is in 1903 as sendingsleraar van die gemeente Katunda bevestig.

In 1906 het die lidmate van die gemeentes Hanja en Que ds. Biewenga beroep en het hy na Bihé vertrek. Katunda was toe sonder sendingsleraar. Mnr Nannings het tydelik as godsdiensonderwyser en oefenaar op Katunda opgetree, maar hy mog uiteraard geen sakramente bedien nie. Na ds. T. Hamersma het ds. P.C. Snyman van Steynsburg as besoekende predikant die Angola-Boere in 1907 besoek. Hy het as sendingsleraar opgetree en sakramente bedien ondanks besware van 'n deel van die kerkraad.[12)]

In 1908 het die gemeente São Januario van Humpata proponent H. Pasch beroep. Hy is in Januarie 1908 op Steynsburg in die Kaapkolonie - nie op Humpata nie- bevestig en het met sy gesin op Humpata aangekom. Kragtens sinodebesluit het

hy die versorging van die gekleurde lidmate van Katunda as deel van sy opdrag beskou solank die gekleurdes geen eie leraar had nie. Sommige kerkraadslede het dit as gelykstelling beskou en ernstige beswaar geopper. Slegs die uiterste takt van die leraar sou 'n botsing kon vermy en die jong ds. Pasch het die takt ontbeer. Sy redelike voorstelle vir 'n vergelyk is afgewys en 'n aansienlike aantal kerkraadslede en gemeentelede het hulle afgeskei. Dit word die kerkskeuring van 1908 genoem.

Die skeuring het ongunstige gevolge gehad. Die kerklike lewe onder die Angola-Boere is ernstig verswak. Kort daarna het ds. Pasch sonder sy gesin na Suid-Afrika gereis om die herdenking van die stigting van die Gereformeerde Kerk 50 jaar tevore by te woon. Toe hy in Lobito wou land om na Humpata terug te keer, is dit hom in opdrag van die Goewerneur van Angola belet, omdat hy beroering onder die Boere op Humpata veroorsaak het. Hy het na Luanda en Lissabon gereis, maar het ook daar geen verlof om na Humpata terug te gaan, gekry nie en toe het hy na Suid-Afrika teruggegaan. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het hom toe losgemaak van die gemeente São Januario en hy het elders 'n beroep aangeneem.13)

Sy aansienlik verkleinde gemeente kon daarna geen blywende predikant meer bekostig nie. Ds. Biewenga van die Gereformeerde gemeente in Bihé het as konsulent van die gemeente by Humpata opgetree en hulle tweemaal per jaar besoek. Eers in 1919, na die onderbreking wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is, het daar weer 'n besoekende predikant gekom. Hy was ds. J.G.M. van der Walt. Na hom het 'n Gereformeerde leraar elke een of twee jaar die gemeente by Humpata besoek, totdat in 1928 die meeste Angola-Boere na Suidwes-Afrika getrek het.[14)]

Die kerkgebou van die gemeente is kort na die kerkskeuring gesluit en verkoop. Die Gereformeerde en pasgestigte Nederduits Hervormde gemeentes te Humpata het die geldelike opbrengs verdeel.

**Die beroep op die Nederduits Hervormde Kerk**

Op 'n byeenkoms op 18 April 1908 het 124 ontevrede lidmate die Gereformeerde gemeente São Januario verlaat en het die kerkskeuring 'n feit geword. Reeds op 11 Mei 1908 het 'n komitee van die ontevredenes die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Nederland om hulp gevra. Die antwoord het eers in 1909 aangekom en was gedateer 9 Junie 1909. Dit het 'n afwysing van die standpunt teen die sogenoemde gelykstelling van blankes en gekleurdes ingehou. Omdat die antwoord so lank uitgebly het, het die ontevredenes intussen die Algemene Vergadering van die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal om hulp gevra. Die Kerk is bereid om hulle onder sy vleuels te neem.[15)] Die scriba, ds. Van Belkum, het ds. Van Drimmelen op Zeerust gevra om die hulp te verskaf. Hy het blykbaar groot vertroue in ds. Pieter se bekwaamheid as organiseerder en "troubleshooter", dit wil sê as probleemoplosser, gehad. Die Algemene Kerkvergadering en die kerkraad

van Marico en Zeerust het ds. van Drimmelen verlof toegestaan om die Angola-Boere op Humpata te besoek. Die kerkraad het as voorwaarde gestel dat die afgeskeide lidmate op Humpata ds. Van Drimmelen se reiskoste daarheen en sy salaris tydens sy verloftyd sou betaal. Die kerkraad sou naamlik die koste van konsulente tydens Dominee se afwesigheid en die reiskoste van ouderling J.G. (Gert) Benade van Marico wat Dominee sou vergesel, betaal.

Omdat talle Angola-Boere en hul ouers van die Hervormde Kerk van Wes-Transvaal, onder meer Marico, afkomstig was, sou ds. Van Drimmelen wat lede van hul families geken het, besonder welkom wees.

Die komitee op Humpata het op 1 April 1909 'n beroep op ds. Van Drimmelen gedoen. Hy het op 9 Junie 1909 voorgestel om in 1910 te kom. Die komitee het Willem Venter na ds. Van Drimmelen afgevaardig. Hy was vergesel deur sy eggenote Hester Johanna Cornelia, tweede dogter van die Dorslandleier J.F. Botha, hul dogter Maria Aletta en sy broer Paul Stefanus. Willem Venter het as jongeling van 17 jaar onder J. Botha na Angola getrek.

Mevrou Van Drimmelen het na die geboorte van haar eerste kind Lucie 'n miskraam gekry en wou vir geneeskundige behandeling na Europa reis. Ds. Van Drimmelen, sy vrou en dogtertjie, die gesin van Venter en Gert Benade het in Mei 1910 per trein na Kaapstad gereis. Daar het mevrou Van Drimmelen met Lucie skeep gegaan na Europa. Die ander reisigers het met die Portugese skip "Africa" na Mossamedes gevaar en daar op 23 Mei 1910 aangekom.

'n Steil gebergte, die Serra de Chela, skei die kusvlakte by Mossamedes van die hoëveld waar Humpata lê en vorm die rand van die hoogland in Angola. Die leier Andries Nicolaas Jan Daniël Alberts, seun van die Dorslandleier Gert Alberts, het die reisigers te Mossamedes met waens en perde ingewag. Die dames het per perdewa oor die dorp Sa da Bandeira na Humpata gery. Die mans het te perd 'n kortpad geneem. Ds. Van Drimmelen is op die steil bergpad in 'n hangmat gedra om enige risiko van ongevalle te vermy. Hulle het op 26 Mei op Andries Alberts se plaas Boenquir (ook Bondingerie genoem) aangekom, die dames twee dae later. 'n Komitee het op Alberts se plaas op 28 Mei met ds. Van Drimmelen en ouderling Benade die stigting van 'n plaaslike Nederduits Hervormde Gemeente bespreek. Op 31 Mei het die ontevrede lidmate in vergadering byeen gekom en die gemeente op Humpata, Palanca genoem, gestig. As ouderlinge is gekies Andries en Barend Alberts en Johannes Venter, as diakens Koos Alberts en Hans du Plessis. Die notule is opgestel deur ds. Van Drimmelen. Daar was toe 79 belydende lidmate. Die stigtingsdatum 31 Mei het by toeval saamgeval met die datum van die Vrede van Vereeniging in 1902 en die stigting van die Unie van Suid-Afrika op dieselfde dag.[16)]

Die nuwe gemeente het van landdros J.F. Botha 'n huis op een van sy plase gekry en as kerk ingerig. J.F. (Koos) Botha het weliswaar lidmaat van die verkleinde Gereformeerde

Aanduiding en name van persone op die teenoorstaande sketstekening



*Foto van Ds. Pieter van Drimmelen temidde van sy gemeentelede van die pas deur hom gestigte Nederduit's Hervormde Gemeente Mombolo in Bihé in Angola. Die foto is gemaak dadelik na die kerkdiens op Sondag 12 Januarie 1919. Die fotograaf was Pieter van der Smit, 1878-1921, onderwyser, kerkvoorleser en ouderling te Mombolo. - Ds. van Drimmelen is in die daarna volgende maand in Angola oorlede en begrawe.*

*Foto in besit van Govert C. van Drimmelen te Pretoria.*




Aanduiding van persone op die groepsfoto van Nederduits Hervormde gemeentelede, deur onderwyser Pieter van der Smit te Mombolo, Angola, op 12 Januarie 1919 gemaak. Die identifikasie is afkomstig van Dr.Paul van der Merwe te Otjiwarongo in Namibië in 1992.

(1) Philip Venter van Humpata, broer van Willem Venter
(2) ouderling Philip Alberts van gemeente Mombolo
(3) ouderling D.Labuschagne van Humpata
(4) ouderling Zacharias Roberts van Humpata
(5) die Nederlandse onderwyser Pieter van der Smit van Humpata
(6) Martha van der Smit gebore Prinsloo, eggenote van Pieter van der Smit
(7) diaken Riekert van gemeente Mombolo
(8) Ds.Pieter van Drimmelen, laatste foto
(9) Albertina Prinsloo, suster van Martha vam der Smit gebore Prinsloo
(10) eggenote van Philip Venter onder (1)
(11) Willem Prinsloo, vader van die 2 dogters onder (6) en (9)
(12) Maria Alberts gebore Van der Merwe met 2 tweelingbaba's
(13) Michiel Prinsloo
(14) Petrus Alberts
(15) Andries Alberts junior (?). enigste kind van Petrus Alberts, skrywer van "In vreemdelingskap" (Groblersdal 1900)

Die orige persone is nie geïdentifiseer nie.

gemeente gebly, maar die persoonlike verhouding tussen die twee gemeentes het opmerklik vriendskaplik gebly

Op die eerste gemeentevergadering is ook besluit dat die kerkraad vir drie maande in elke jaar 'n leraar sou beroep en sy reiskoste en salaris betaal.[17)]

Ds. Van Drimmelen en ouderling Benade het ywerig huisbesoeke op en by Humpata gedoen. Dominee het gepreek en 22 kinders gedoop en 17 jong mense het belydenis by hom afgelê. Die aantal belydende en dooplidmate het toegeneem tot 174. Die twee besoekers het op 5 Julie 1910 afskeid geneem en na Mossamedes gereis. Daar het Gert Benade hom na Kaapstad ingeskeep om na Zeerust terug te gaan en dominee het na Europa gevaar om sy vrou en dogtertjie af te haal.

Die gemeente Palanca het in 1911 weer om 'n besoek van ds. Van Drimmelen gevra, maar die kerkraad van Marico was van mening dat in dié jaar 'n ander predikant na Humpata moes gaan. Ds. J.J. Prinsloo van Standerton is bereid gevind en het die gemeente Palanca in November en Desember 1911 besoek en die Geloftefees op 16 Desember gevier. Hy het die besoek in 1912 herhaal.

Ds Van Drimmelen het hom blykbaar by die Angola-Boere[18)] geliefd gemaak, want op versoek van die gemeente Palanca het hy daar 'n tweede besoek van 10 Mei tot 6 Julie 1914 gebring. Daar is op 15 Augustus 1912 die eerste steen gelê vir 'n eie kerk op Boenquir, die plaas van ouderling Andries Alberts twee myl buite Humpata. Ook die tweede besoek was baie geslaag. Dominee het 11 kinders gedoop. Die gemeente het gegroei.

Die Eerste Wêreldoorlog het die derde besoek van ds. Van Drimmelen aan Angola vertraag. Na bewering het die Portugese regering met visums vir predikante uit Suid-Afrika gesloer. Maar hy het in 1918 'n visum ontvang en op 31 Augustus het die kerkraad van Zoutpansberg, wat toe sy gemeente was, hom verlof toegestaan. Die gemeente Palanca het die gemeente Zoutpansberg £ 25 betaal vir reiskoste. Kort voor sy vertrek het hy sy jongste kind Frederik Willem gedoop. Hy sou sy gesin met vyf kinders nie weer sien nie.

In 1915 het die leër van die Unie van Suid-Afrika Duits Suidwes-Afrika beset. Omdat die seereis van Kaapstad na Mossamedes beswaarlik en selfs gevaarlik was, het ds. Van Drimmelen per trein deur Suidwes na Tsumeb gereis. Daar het Andries Alberts hom op 6 Oktober 1918 met twee waens opgewag. Hulle het deur die Swartbooisdrif in die grensrivier die Kunene na Humpata gery.

Na vier dae rus vir die reisigers op Alberts se plaas het die gemeente op 8 November 1918 op die plaas van ouderling Zacharias Venter byeengekom. Ds. Van Drimmelen het ses Sondae agtereen kerk gehou - die eerste diens op 10 November -, 32 kinders gedoop en op 16 Desember Geloftedag gevier. Op weekdae het hy talle huisbesoeke gebring. Op 22 Desember 1918 het hy met twee waens na Bihé vertrek om daar 'n Nederduits Hervormde gemeente op Mombolo te stig. Die Nederduits Hervormdes op die woonplekke Que, Cubal, Hanja en Catumbella in Bihé het sodanig toegeneem dat hulle wou afstig en 'n eie

gemeente vorm. Die sentrale ligging van Bihé in Angola was gunstig vir vestiging as togryer en die vrugbare grond het saaiboere aangetrek, sodat die Angola-boere daar toegeneem het.

Ds. Van Drimmelen het na sy aankoms op Mombolo in Bihé godsdiens gehou en op 8 Januarie 1919 'n gemeentevergadering gepresideer waarop 'n eie Nederduits Hervormde gemeente gestig is. Die besoek is op Sondag 12 Januarie afgesluit. Na die kerkdiens is 'n foto van Dominee en die lidmate geneem wat in die onderhawige artikel gereproduseer word. Hy het teruggegaan na Humpata en daar op 2, 9 en 16 Februarie 1919 gepreek. Die oorlog het op 11 November 1918 geëindig en hy het besluit om hom in Mossamedes in te skeep en 'n gerieflike seereis na Kaapstad te doen. Sy vertrek was voorberei, maar hy het op Woensdag 19 Februarie skielik siek geword in die huis van Johannes Venter. Hy is die volgende dag na die huis van Andries Alberts gedra. 'n Geneesheer is ontbied, het op Sondag 23 Februarie gekom en Spaanse griep as siekte vasgestel. Die siekte het destyds in heel Suider-Afrika hewig gewoed. Die arts kon min daarteen uitrig en het op Maandag die hoop op genesing laat vaar. Lidmate buite die huis het Gesang 20 strofes 8 en 9 gesing. Sy laaste woorde was: My liewe vrou en kinders. Om 5 uur namiddag het sy gees afskeid van sy liggaam geneem. Hy was toe 46 jaar 3 maande en 16 dae oud.

Hy is in 'n dubbele, met lood beklede kis op Woensdag 27 Februarie 1919 begrawe op die kerkplaas by Humpata. Die kis was dubbel met die oog op 'n moontlike herbegrafnis. Andries Alberts het die begrafnisdiens op sy plaas Boenquir gelei. Daar is gelees uit Johannes 14 vers 1-12 en 2 Korintiërs 5, vers 1-10.[19)] Die voorsang was Psalm 9 strofes 6, tussensang Gesang 289 strofes 3-6. Daar was ook verskeie Gereformeerdes aanwesig. Die Gereformeerde gemeente was verteenwoordig deur ouderling Barend Alberts. Andries Alberts het in sy afskeidswoord onder meer gesê: "Sy vriendelike aangesig sal nie meer deur ons gesien word nie en sy deurluidende stem en vurige gebede sal nie meer deur ons gehoor word nie, maar sy nagedagtenis sal in ons bly voortleef en die vrug van sy arbeid sal oor die aarde gesien word. Die Here sal 'n opvolger verwek."

Die gemeente het op die volgende dag besluit om as blyk van welwillendheid jeens die gesin van ds. Van Drimmelen aan sy seun Pieter, destyds drie jaar oud, van 1919 tot 1931 jaarliks £ 25 vir sy skoolgeld te skenk.

Vir die gesin was sy oorlyde 'n geweldige slag. Sy eggenote moes die pastorie in Pietersburg verlaat en wag op sy persoonlike besittings. Zacharias Roberts van die gemeente Palanca het die besittings aan haar in Pretoria oorhandig. Hy was vergesel deur sy vrou en twee kinders. Hulle het met mevrou Van Drimmelen en haar vyf kinders na Kaapstad gereis. Roberts het haar daar gehelp om skeepsgeleentheid, wat kort na die oorlog heel skaars was, na Europa te vind. Hy het passasie vir haar en haar kinders geboek op 'n Portugese skip wat deur die Suez-kanaal na Marseilles sou vaar.

Roberts-hulle het van Kaapstad oor Mossamedes na Humpata teruggereis. Hulle het in 1928 saam met die meeste Angola-Boere na Suidwes-Afrika geëmigreer. Die Kerkplaas by Humpata is toe aan Portugese verkoop. Die graf van ds. Van Drimmelen is toe in aanwesigheid van gemeentelede plegtig geopen en die kis is oorgebring na die familiebegraafplaas van Michiel van der Merwe op sy plaas Jamba by Humpata. Jamba beteken die plek van die olifant; daar is talle plekke met die naam in Angola. Die plaashuis is in 1882 gebou. Michiel het dit in 1938[20] aan Fernandes Borges, gebore in Angola en getroud met 'n Suid-Afrikaanse dame Doris in Kaapstad verkoop. Pieter, seun van ds. Pieter van Drimmelen, het op Kersdag 1955 sy vader se graf op Jamba besoek. Hy is die enigste afstammeling van ds. Van Drimmelen wat die vergeleë graf gesien het.[21] In 1991 was die plaashuis en die begraafplaas met ds. Van Drimmelen se graf nog intakt.[22]

**Die laaste fase - die trek terug**

Die Afrikanertrekkers het hulle in die 19de eeu vanuit die Kaapkolonie geleidelik oor Afrika tot by die Ewenaar uitgebrei. Die Boere in Angola was die eerste wat in die 20ste eeu na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika teruggetrek het. Die Portugese regering se houding jeens die Boere was altyd ambivalent. Enersyds het hy die Boere in die 19de eeu verwelkom omdat hulle veel bygedra het tot die verowering en ontwikkeling van Angola in 'n tydperk waarin Portugal se heerskappy oor sy kolonies in Afrika bedreig is deur ander moondhede. Andersyds het hy die Boere weens hul afwykende, Calvinistiese godsdiens, taal en sedes as 'n vreemde volksdeel beskou en gevrees dat hulle gemene saak met vyande van Portugal sou maak. Daarby het die las van die geskiedenis gekom: talle Portugese het die Boere gewantrou as afstammelinge van die Nederlanders wat in die 17de en 18de eeu die ergste vyande van die Portugese was en wat die kusgebied van Angola van 1641 tot 1648 beset het. Die Boere het dit nie onthou nie, die Portugese wel.

Tydens ds. Van Drimmelen se besoeke aan Angola, veral sy derde besoek in 1918/19, het daar 'n geleidelike verandering in die Portugese owerheid se houding jeens die Boere ingetree. Die oorsake was die volgende:

(A) toename van die aantal Portugese koloniste in Angola - hoewel in die eerste kwart van die 20ste eeu veel minder as in die laaste kwart van die 19de omdat die Amerika's die meeste Portugese emigrante opgeneem het; - daardeur is die wenslikheid van kolonisasie deur Boere verminder.

(B) onassimileerbaarheid van die Boere wat geen afstand van hul Protestantse geloof, hul taal, sedes en gewoontes wou doen en wat geen Rooms-Katolieke en geen Portugese staatsburgers wou word nie en die status van vreemdeling verkies het.

(C) die afkeer van Boere om krygsdiens teen Duitsers in Suidwes-Afrika te verrig, hoewel hulle steeds tot krygsdiens teen swartes bereid was.[23]

Die Portugese politikus en bewindsman José Maria Mendes Norton de Matos was hierby van groot invloed. Hy stam af van 'n Brit, Norton, een van die talle Britse kooplui wat hulle in Portugal gevestig het, en het offisier, goewerneur en later hoë kommissaris van Angola geword. Ook as minister het hy groot invloed uitgeoefen. Hy het die Boere altyd gewantrou en hul vryheid beperk.[24)]

Die veranderde houding van die Portugese regering blyk onder meer uit die volgende maatreëls:

(1) kommandering van transportwaens en trekosse in die Eerste Wêreldoorlog ten behoewe van oorlog teen Duitsland, met onbevredigende skadeloosstelling

(2) beperking op verstrekking van vuurwapens en ammunisie en op die jag - origens 'n verstaanbare maatreël weens die uitdunning van die jagwild

(3) verbod van private onderwys in Nederlands en verpligting om kinders na Portugese skole te stuur, in 1926 uitgevaardig, met die doel om die kinders te verportugees

(4) vestiging van Portugese koloniste tussen die Boere wat nie van die meeste van hulle gehou het nie

(5) die nalatigheid van die Portugese regering om die Boere kaart en transport, d.w.s. eiendomsregte op die grond, te verskaf.

(6) slap optrede van die Portugese outoriteite teen veediefstalle deur swartes.[25)]

Toe die Boere van die onwelwillende houding van die Portugese regering oortuig was, het die oorgroot meerderheid van hulle besluit om weg te trek, net soos in 1835 hul voorouers besluit het om die Kaapkolonie met sy onwelwillende Britse regering te verlaat. Hulle het in 1928 van die Unieregering verlof ontvang om hulle met agterlating van hul vee in Suidwes-Afrika te vestig. Slegs 'n klein aantal het in Angola agtergebly. Die agterblyers het Angola in 1957/58 verlaat en na Suidwes-Afrika en die Unie getrek.

Die Portugese regering se houding jeens die uittog van die Boere in 1928 is my onbekend en vermoedelik ambivalent. Enersyds was hy spytig oor die vertrek van inwoners wat 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Angola gelewer het, andersyds opgelug oor die vertrek van 'n vreemde, onassimileerbare groep wat altyd gewantrou is. Die Portugese het die Boere se vertrek in geen opsig belemmer nie.

In 1957 het afstammelinge van Dorslandtrekkers wat in dié jaar in Angola en Suidwes-Afrika gevestig was, op Humpata byeengekom om die Dorslandtrek te herdenk. By die geleentheid is 'n eenvoudige monument met een gedenkplaat in Portugees en een in Afrikaans onthul. Die opskrif in Afrikaans lui:

Ter nagedagtenis van
die Dorslandtrekkers,
getrek in die jare
1874 en daarna van

Transvaal tot Angola
huldigingsfees 5-8 Julie 1957[26)]

Maar nog in dieselfde jaar het die laaste afstammelinge uit Angola na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika geëmigreer[27)]
Tans herinner slegs die eensame grafte van Angola-Boere aan hul verblyf in dié land. Onder hul grafte is dié van ds. Van Drimmelen op die plaas Jamba by Humpata.

**Verwysings**

1) Die literatuur oor die Dorslandtrek en die vestiging in Angola is omvangryk. Slegs 'n paar publikasies word in die hierna volgende verwysings vermeld en aangehaal. Die bondigste en oorsigtelikste boek is van prof. P.J. Jooste van Potchefstroom, getitel "Gedenkboek van die Dorslandtrek 1873-1973", Potchefstroom 1973. Hy begaan 'n vergissing op p.153 waar hy berig dat ds. P. van Drimmelen vier keer Angola besoek het, in 1910, 1914, 1918 en 1919. Ds. Van Drimmelen het egter Angola drie keer besoek, in 1910, 1914 en 1918/19.

   Uitvoerig is die werk van Johannes Leon Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat 1873-1895", proefskrif Universiteit van Pretoria, Mei 1975, 629 pp., ongepubliseerd.

   Goeie saamvattende artikels is "Thirstlandtrek" in "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", deel 10, Kaapstad 1974, en "Angola Boers" in Idem, deel een, Kaapstad 1970; voorts A.J. Nathan, "The Angola Boers", in "Lantern", Pretoria, Mei 1989, en W.P. van der Merwe, "Dorslandtrek", in "Lantern", Pretoria, Februarie 1990.

   Persoonlike en subjektiewe herinneringe is die boeke van P(aul) J. van der Merwe, "Ons halfeeu in Angola, 1880-1928", by Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1951, 263 pp.; J. Albert Coetzee, "Groot avontuur, Sketse uit die Dorslandtrek, Eeu-gedenkuitgawe", by Transvaalse Uitgewersmy., Pretoria-Noord, sonder jaar, en Andries Alberts, "In vreemdelingskap, Korte lewensbeskrywings van Dorslandtrekkers, Angola-Boere en Suidwesters", uitgawe A. Alberts, Groblersdal 1990.

2) C.P.J. Trümpelmann, artikel Alberts, Gert Andries Jacobus, Swellendam 1836 - Humpata 1926,in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek" (SABW), deel 3, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), Pretoria 1977, in Afrikaans en Engels. Gert Alberts was eienaar van die plaas Apiesrivier by Pretoria, daarna leier van die eerste groep Dorslandtrekkers, vader van Andries N.J.D. Alberts (geestelike leier van die Boere op Humpata) en grootoupa van Andries Alberts, skrywer van die boek "In vreemdelingskap" (1990). Gustav S. Preller beskryf Gert Alberts in sy boek "Voortrekkers van Suidwes" (Kaapstad 1941).

3) C.P.J. Trümpelmann, artikel "Botha, Johannes Frederik (Hans), Kaapkolonie 18.. - Humpata 1915", in SABW deel 3, RGN, Pretoria 1977, p.93-94; Hans Botha was landdros van die Angola-Boere op Humpata tot sy oorlyde.

4) C.P.J. Trümpelmann, artikel "Jordan, William Worthington", Wynberg, Kaapstad 1849 - Ovamboland 1886", in SABW, deel 3, RGN, Pretoria 1977, p.415-416.

5) Die natrekke is bondig beskryf deur J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.49-50.

6) Die gedig is deur my oorgeneem uit J.L. Hattingh, "Die trekke uit die ZAR en die OVS", p.305-306.

7) Kyk oor die trek na Bihé J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.75-76, en J.L. Hattingh, "Die trekke uit die ZAR en die OVS", p.344-370.

8) As aanvulling volg hier 'n vermelding van die Angola-Boere deur 'n universiteitsdosent in die Verenigde State, James Duffy, outeur van die objektiewe boek "Portugal in Africa" (Penguin Books, Londen 1962, p.144):

"The largest immigrant group remained the Thirstland Trekkers, some 300 Boers, under the leadership of Jakobus Botha, who arrived at Humpata on the Huila plateau in 1880. The Portuguese government, tradisionally sensitive to the presence of denationalizing forces in its African colonies, felt mixed emotions: it regarded the newcomers with natural suspicion but welcomed any useful allies in the work of developing the planalto. Some of the Boers became successful farmers around Humpata, others migrated up toward the Hungry Country and disappeared into the Belgian Congo, while others went down to the coast. As fighters in the wars of pacification and as wagon drivers whose massive ten- and twelve-team oxcarts made some of the pioneer roads in Angola, they gave invaluable service to the colony. But the Trekkers were never really happy in Angola; their sense of isolation in a Catholic Portuguese-speaking community, and various governmental restrictions on their use of firearms, led many of them in 1928-9 to return to the Union.

The presence of the Boers led to an intensification in the 1880s of plans for direct settlement in southern Angola. Impoverished families of peasants and workers were recruited in all parts of Portugal and sent to Huíla to help insulate the Boer community. The indiscriminately chosen settlers were thereupon almost forgotten. The union between Portuguese and Boer never came to pass, but Huíla with time became the most Portuguese region of Angola, its small farms replicas of those in Portugal and Madeira. By 1913 na estimated 2,500 Portuguese were residing in the vicinity of Lubango (Sá da Bandeira)."

9) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.82-110.

10) Om aan te toon dat sommige Angola-Boere gunstiger oor die Portugese geestelike as hul predikante gedink het, volg hier 'n aanhaling uit die onlangse boek van Andries Alberts, "In vreemdelingskap, Kort lewensbeskrywings van Dorslandtrekkers, Angola-boere en Suidwesters (ens.)", eie uitgawe deur A. Alberts, Groblersdal 1990, p.114-115:

"Op die Boeredorp Humpata was daar 'n Portugese winkel, maar op die Rooms-Katolieke Sendingstasie Musa was daar nie net 'n ou kerkgeboutjie, 'n nuwe katedraal en 'n godsdiensskool nie, maar ook klein nywerheidsondernemings, soos 'n afnemery (foto-ateljee), ' 'n algemene winkel, 'n apteek, 'n drukkery, 'n kwekery, 'n looiery, 'n meule, 'n 'reenmakery', 'n skoenmakery, 'n steenmakery, 'n smidswinkel, 'n stoomsaagmeul, 'n wamakery en in die afdeling vir vrome vroue (d.i. nonne) 'n wynmakery ... Aan die stuur van elke klein nywerheid het 'n monnik gestaan wat 'n meester-vakman op sy gebied was, sodat hy bekeerde swart vakleerlinge .. kon oplei. Die Boere was van hierdie Roomse afhanklik. Hulle het elke "Broeder" op sy naam geken en op vriendskaplike voet met hulle verkeer. Die sendingstasie het baie kiaat-, mahonie- en perdepramhout by sommige Boere gekoop en soms vervoerkontrakte aan transportryers toegestaan. Die apteker was 'n Duitser, .. met Duitse deeglikheid opgelei ..., ook ervare. As Duitser kon hy Afrikaans verstaan en 'n soort Nederlands praat."

11) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.89.

12) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.99, 104-107.

13) Oor die optrede van ds. H. Pasch onder die Boere in Humpata kyk die objektiewe mededeling deur prof. J.P. Jooste, 'Gedenkboek van die

Dorslandtrek", Potchefstroom 1974, hoofstuk 9, p. 125-135, en vir Pasch baie ongunstige berig van P.J. van der Merwe, een van die Angola-Boere, in "Ons halfeeu in Angola, 1880-1928", Afrikaanse Persboekhandel 1951, hoofstuk 3, "Skeuring in die kerk", p.22-41.

'n Nekrologie van ds. Pasch staan in "Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk" van 7 Oktober 1936. Daarin is die Humpata-episode weggelaat. Die onderstaande is daaruit oorgeneem.

Hendrikus Philippus Jacobus Pasch is gebore te Amsterdam in Nederland op 2 Maart 1865 in 'n Nederduitsche Hervormde (nie soos aangegee 'n Rooms-Katolieke) gesin. Hy is opgelei as werktuigkundige en het as 19-jarige aangekom te Kaapstad in Desember 1884. Hy het op 'n onbekende plek gewerk en hom by die begin van die Tweede-Anglo-Boere-oorlog in 1899 aangesluit by 'n ambulans van die republieke. Later het hy die geweer opgeneem en geveg. Hy is swaar gewond, gevang en na 'n krygsgevangekamp op Bermuda gestuur. Daar het hy as siekebesoeker sy medegevangenes bygestaan. Na die oorlog het hy hom te Ladybrand in die Vrystaat gevestig, oorgegaan na die Gereformeerde Kerk en na die Teologiese Skool in Burgersdorp gegaan om vir predikant te studeer. Hy is 38 jaar oud tydens sy studie getroud met die 27-jarige Johanna Snyman, dogter van wyle Casper Schutte en weduwee. Hy het met die Teologiese Skool in 1905 van Burgersdorp na Potchefstroom getrek en in 1907 die proponentseksamen afgelê.

Hy het sy eerste beroep, na Humpata, aangeneem en daar in 1908 aangekom. Prof J.P. Jooste het sy verblyf aldaar uitvoerig beskryf. Hy het daarna predikant in sy vroeëre dorp Ladybrand geword. Hy was van 1920 tot 1927 leraar in Pietersburg en van 1927 tot sy dood in 1936 leraar te Lindley en Bethlehem. Sy eerste eggenote is oorlede te Lindley. Hy is daar in 1930 hertroud met mej. A.J. Ross, dogter van kommandant Ross van Frankfort. Hy is op 17 September 1936 te Lindley begrawe. Dr. J.D. Kestell het in "Die Volksblad" van 23 September 1936 oor hom geskryf: "Hy was 'n man met sterk oortuiginge, maar wat onbevrees voor die dag gekom het met wat daar in die diepste van sy wese geleef het." Hierdie mening verwys waarskynlik na sy optrede te Humpata in 1908.

Hy het uit sy eerste huwelik twee dogters Anna (1905) en Helena (1907) en uit sy tweede huwelik 'n seun - later ds. G.B.S. Pasch - en twee dogters gekry, aldus J. Ploeger en Gideon de V. de Kock, "Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika 1800-1900", Universiteit van Port Elizabeth 1989, p.162, wie se bron C. Pama, "Die groot Afrikaanse familienaamboek", Kaapstad 1983, p.247, is.

14) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.136-148.

15) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.149-153.

16) Govert Cornelis van Drimmelen, brosjure getitel "Dominee van Drimmelen van Zeerust, Zoutpansberg, Waterberg en Angola in die bediening van die Woord van God en in diens van die Afrikaanse volk", Pretoria, sonder jaar, 24 pp., ongepubliseer; hierdie geskrif word deur my aangehaal as "Brosjure ds. P. van Drimmelen" en is my belangrikste bron oor ds. Van Drimmelen in Angola waar geen ander bronne vermeld word nie.

17) Die kerkraad van die Nederduits Hervormde Gemeente op Humpata het op sy eerste vergadering, met ds. P. van Drimmelen as voorsitter, op 13 Mei 1910 die volgende besluite geneem, wat hierna volg soos hulle weergegee is deur J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.154:

"(1) Elke jaar sal daar vir ongeveer drie maande 'n leraar van die kerk oorkom, daartoe aangevra deur die skriba van die sinodale kommissie.

(2) Die skriba van die kerk ontvang drie maande voor die tyd die reiskoste soos deur die roepende kerkraad bepaal.

(3) Die reiskoste word betaal deur die roepende kerkraad.
(4) Geen leraar kan gaan sonder toestemming van sy kerkraad en gemeente nie.
(5) Dit word verstaan dat die leraar gedurende sy afwesigheid sy salaris in sy gemeente behou.
(6) Die verafgeleë gemeente sal die leraar beloon wat die uitnodiging van die skriba van die kerk bereidwillig aanvaar.
(7) Elke ring van die leraar wat huis en haard verlaat, sal sorg vir die bediening in die gemeente gedurende die predikant se afwesigheid minstens twee keer per maand.
(8) Die reiskoste van elke leraar wat die dienste waarneem, sal deur sy gemeente betaal word.

18) J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.155-156.

19) In die tweede brief van die Apostel Paulus aan die inwoners van die Griekse stad Korinte, hoofstuk 5, lui vers een: "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, (maar) ewig, in die hemel."

20) G.C. van Drimmelen, "Brosjure ds. Pieter van Drimmelen".

21) Dagblad "The Star", Johannesburg, Sondag, 24 Desember 1955.

22) Artikel "Dorsland memories linger on at Jamba" in "The Pretoria News", Maandag, 7 Oktober 1991, p.7; die artikel bevat 'n foto van die gedenksteen vir die Angola-Boere in 1957 op Humpata opgerig; die skrywer Dale Lautenbach is die Angola-Boere sleg gesind en word daarom gekritiseer deur 'n briefskrywer in dieselfde koerant van 16 Oktober 1991.

23) P.J. van der Merwe, "Ons halfeeu in Angola", p.98-102, 106-112; J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", p.171-175; A. Alberts, "In vreemdelingskap", p.35, 42-43.

24) Norton de Matos, José Maria Mendes, artikel in "Grande Enciclopedia Portuguesa e Brasileira", deel 18, Lissabon en Rio de Janeiro, sonder jaar, p.906-908; geboorte- en sterfjaar ontbreek. Hy het sy wantroue jeens die Angola-Boere geuit in die outobiografie "Memoria e trabalhos de minha vida", 4 dele. Andries Alberts druk die betrokke bladsy af in sy boek "In vreemdelingskap", p.41; die vertaling daarvan staan in P.J. van der Merwe, "Ons halfeeu in Angola", p.170-173, en is gedoen deur A. Alberts.

25) Kyk die verwysing 23.

26) Paul J. van der Merwe, "Fees op die Dorslandspoor", in "Die Huisgenoot", 27 Junie 1969, p.18-23, met foto van die gedenkteken op Humpata in 1957 onthul op p.23.

27) C.P.J. Trümpelmann, artikel "Angola Boers" in "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", deel 2, Nasou Ltd, Kaapstad 1970, p.424-426; die laaste reël lui: "With a few exceptions those who remained behind (in 1928) became completely impoverished and in 1957 about 400 were brought to South Africa en South-West Africa". Daar was min aandag van die pers

Die verarming onder die Angola-Boere as aanleiding tot die trek terug in 1928 het min aandag gekry, net soos die ekonomiese kant van hul bestaan in die algemeen. Trümpelmann skryf in sy bo-aangehaalde artikel "Angola Boers", p.246: "The coming of railroads deprived them of their income from transport-riding and the proceeds from hunting gradually decreased. The development of huge plantations at the expense of small-scale farming also worked to their disadvantage."

Dit is waar dat in die eerste kwart van die 20ste eeu spoorweë in Angola aangelê is, maar die land is so groot dat daar veel ruimte vir private padvervoer oorgebly het. Ek vermoed dat die koms van die vragouto in die jare '20 die ossewa meer mededinging as die spoorweë berokken het. Land- en tuinbou en veeteelt het as

bestaansmiddele oorgebly, maar die Dorslandtrekkers was geen progressiewe boere nie en het in hul isolement in Angola hul landboumetodes min of nie verbeter nie. Daarom kon hul nageslag die mededinging met klein swart boere en met kapitaalkragtige plantasies nie volhou nie.


**AANVULLING VAN "LEWENSKETS VAN DS. PIETER VAN DRIMMELEN, 1873-1919" (I) IN "PRETORIANA" NO. 104, MAART 1994, deur C. de Jong**

Die aanvulling betref Pieter van Drimmelen se gimnasiumopleiding. Hierdie opleiding in Nederland duur 6 jaar en het talle studievakke in die A- of B-rigting omvat, waaronder altyd Grieks en Latyn. Die gimnasium was die enigste skool wat vir die universiteit voorberei het, en het hoë eise aan die leerlinge gestel.

Pieter van Drimmelen is volgens die argief van die Er asmiaansch Gymnasium in Rotterdam in Julie 1887, dus 14 jaar oud, ingeskryf vir die eerste klas, in Julie 1988 bevorder na die tweede klas en in Julie 1889 na die derde klas. Daarna het 'n langdurige ongesteldheid hom getref en hy is op 6 Januarie 1890 terugverplaas na die tweede klas en in Julie 1890 bevorder na die derde klas. Hy is in Julie 1891 afgewys vir die vierde klas en het klas 3 herhaal. Hy is in Julie 1892 bevorder na die vierde klas en in Julie 1893 afgewys vir die vyfde klas. Hy het die vierde klas herhaal en is in Julie 1894 bevorder na die vyfde klas. Hy het op 28 September die gimnasium verlaat omdat sy vader geen geld gehad het om hom sy skoolopleiding te laat voltooi nie.



*Ds. Hendricus Philippus Jozephus Pasch, Amsterdam, Nederland, 1865 - Lindley 1936, Gereformeerde predikant, met sy eerste eggenote Johanna Snyman gebore Schutte, en hul vyf kinders. Die doopname van die twee dogters is Anna (1905) en Helena (1907). Foto uit J.P. Jooste, "Gedenkboek van die Dorslandtrek", Potchefstroom , tussen p. 56 en 57.*



*Van links na regs: Ds. Pieter van Drimmelen van die gemeente Marico en Zeerust, sy dogter Lucie Louise Mathilde, gebore 16 September 1908, en Mevrou Maria van Drimmelen, te Zeerust in 1909.*

*Foto: Steward & Co, Marco Studios, Zeerust, in besit van Govert C. van Drimmelen te Pretoria.*

## GEDIG OP DIE AANSTAANDE TREK NA ANGOLA

Drie Afrikanerbewoners van Angola het in 1892 in Transvaal aangekom om daar propaganda te maak vir trek na die kort tevore gekoloniseerde streek van Bihé. Daar was onder Transvaalse boere inderdaad belangstelling om na naburige lande, soos Mosambiek, Rhodesië, Betshoeanaland, Suidwes-Afrika of Angola te trek. 'n Bewys van die herleefde treklus was die kreupelgedig van T.J. Duvenage in Middelburg. Die redes vir sy besluit om na Bihé in Angola te trek is die volgende:

(1) mededinging van die spoorweë met transportry per ossewa

(2) bevoorregting van Hollanders in die Staatsdiens van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur president S.J.P. Kruger, die digter se "bête noire",

(3) hoë invoerregte.

President S.J.P. Kruger was gekant teen trek uit die ZAR, kommandant-generaal P.J. Joubert was daarvoor, hy het 'n trek na Translimpopo wat belet is, bevorder.

Duvenage se gedig het verskyn in die koerant "Land en Volk" te Pretoria op 10 November 1892. Nie toevallig was die hoofredakteur Eugène Marais hewig gekant teen Kruger se bewind en die Hollanders en op die hand van P.J. Joubert as leier van die opposisie teen Kruger.

Hieronder volg Duvenage se digwerk en my verklarende aantekeninge.

### ONS MOET TREK

Kom vrienden hoor 'n mooie grap.
Ons wa'ens is al opgepak.
Ons trek weer naar 'n verre land
Voor ons te soeken een bestand.
Transvaal's geluk het ons gedruk
Dat ons vir ons 'n land moet zoek,
Mar jammer dat ons zoo moet gaan,
Oom Paul[1] agter ons lat staan.
Oom Paul het 'n goeie dop,
Seve miljoen is op ons kop,[2]
Ons land is net nou ook bankrot.
Ag broeders pas net daarvoor op,
Ons bloed leg almal in dit land,
Ons het hierin ook geen bestand,
Di eenigste wat ons nog kon krij
Di het di spoortrein weggerij.
Di rijkman kanni meer bestaan,
Di arm man moet ook vergaan.
Di trekpat lijk ook lelijk naar,
Di rijk man krij dit bitter zwaar.
In Holland staan 'n groote boom,
En geef Oom Paul 'n mooie kroon,
Oom Paul het 'n stal gebou
Om Hollands hengste in te hou.
Johannesburg het banya geld,

Oom Paul is daarop gesteld,
Di boere het daar veel gesaai,
Hollanders het dit opgemaai,
Ag vriende lat ons tog maar gaan,
Oom Piet[3] het kandidaat gaan staan.
As hij eers sit daarop di troon,
Ons hoop, dan sal dit beter gaan,
Ag vriende lat ons tog maar trek
Te soek vir ons 'n ope plek,
Di trein breng ons in gevaar,
Ons mense krij dit ook te swaar
Ons wa'ens sal ons moet verkoop,
En dan met onze voete loop,
Dus het ons dit als[4] afgestroop.
Oom Paul het nou geld genog
Hij sê: "Dit is met julle bog
Di trein wil ek nog op rij
ek sal hier in di land mar blij."
Oom P(aul) het aan Burgers[5] geseh,
Di trein wil ons hier ni heh,
Di wa'ens is vir ons nog goed,
Di trein breng ons te'enspoed.
Oom Vice-Klasie[6] het geseh:
Hij wil ons vir diensbode heh,
Mar O! dit sal hom ni geluk,
Want ons zal uit zijn hande ruk.
Portugees an di anderkant
Di nodig uit naar Bihé'land
En seg hier is 'n groot bestand
Vir mense in di Bihé'land.
Belasting van ons ou Transvaal!
Di "duty" moet ons ook betaal,
Di invoerreg is ook daarbij
Di winkeliers is regte blij,
Juts Kotze is 'n goeie man,[7]
Hij het ook kandidaat gaan staan,
"Ons skaam ons dat dit zoo moet gaan,
Ons land daardeur verlore gaan.
O Paardekraal! O Paardekraal![8]
Ons raadslede is afgedwaal
Ons moet net nou weer feest gaan fier,
Vijf honderd pond is weggestuur,
Di wol is noual weer geval,
Di trekpat lijk tog al te smal,
Di rijk man het dit ook maar swaar.
Zijn kinders krij dit bitter swaar.

T.J. Duvenage
Dist. Middelburg

Uit: Johannes Leon Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875-1895", (doktorale proefskrif Universiteit van Pretoria, Mei 1975, ongepubliseer).

**Verwysing**

1) Oom Paul is die in Transvaal ongebruiklike bynaam van Staatspresident S.J.P. Kruger wat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) wou ontwikkel deur aanstelling van Nederlanders in die Staatsdiens en onderwys en deur spoorweë, in die eerste plek van Delagoabaai deur die baie ongesonde Laeveld waar transportry slegs in die winter moontlik was, na Pretoria. Onder die opposante teen sy bewind was heelwat konserwatiewe boere, soos Duvenage.

2) Toespeling op hoë Staatskuld van die ZAR?

3) Oom Piet is kommandant-generaal Piet J. Joubert, leier van die opposisie teen president Kruger en dié se teenkandidaat vir die Staatspresidentskap in 1893, maar geensins konserwatief: hy was voorstander van aanleg van spoorweë en van toestaan van staatkundige invloed aan buitelanders in Transvaal.

4) "als" is alles.

5) Kruger was eertyds as visepresident van die ZAR gekant teen die spoorwegplanne van Staatspresident T.F. Burgers (1872-1877) op staatskoste; Kruger het spoorwegaanleg op private koste beoog.

6) Oom vise-Klasie is waarskynlik generaal Nicolaas Smit, visepresident onder Kruger.

7) Opperregter John Kotzé was ook lid van die opposisie teen Kruger en ook dié se teenkandidaat vir die Staatspresidentskap in 1893.

8) Paardekraal verwys na die byeenkoms te Paardekraal by Krugersdorp in Desember 1880 waarop burgers besluit het om in opstand teen die Britse bewind oor Transvaal te kom en die Eerste Anglo-Boere-oorlog 1880/81 begin is.




*Foto van die familiebegraafplaas op die boereplaas Jamba by Humpata, geneem in die jare '80. Op die voorgrond is die graftombe van Ds. Pieter van Drimmelen wat op Jamba herbegrawe is. Foto in besit van Govert C. van Drimmelen te Pretoria.*

# 'N SKILDERY VAN PRETORIA MET APOKALIPTIESE STREKKING

deur C. de Jong

Vorige jaar het ek in Pretoria drie kunswerke opgemerk wat verwys na 'n toekomstige afbraak van die bestaande orde en na 'n soort Apokalipse. Die Griekse woord apokalypsos beteken onthulling en openbaring en dit is die titel van die laaste Bybelboek in die Nuwe Testament. Die Openbaring van die apostel Johannes beskryf die komende Laaste Oordeel, in Engels Doomsday, in Latyn Dies Irae (Dag van die Toorn), waarop die bestaande orde sal ondergaan en Jesus Christus uit die hemel sal terugkom om die ewige heilsryk te stig.

## Die jaar 2000

By die nadering van die jaar 2000 moet ons 'n versterking van verwagtinge van die Laaste Oordeel onder Christene verwag. Dit was ook die geval teen die jaar 1000 toe die duisendjarige ryk waartydens die Satan volgens die apostel Johannes geboei was, geëindig het. Satan sou losbreek en Christus sou as Regter terugkeer. Talle Christene het teen 1000 die wêreldeinde verwag. Ook tans is daar vrees vir die komende einde van die mensheid en die wêreld, maar die vrees is by talle nie-Christene nie gebaseer op metafisiese gronde, soos teen 1000 nie, maar op fisiese gronde. Talle mense meen tans dat die mensheid besig is om die beperkte hulpbronne van die aarde vinnig uit te put en om ons klein planeet te verwoes deur oorbevolking van mense en vee, ontbossing, erosie, vervuiling van die elemente en vernietiging van die beskermende osoondampkring.

## Die eeuwisseling

By die nadering van 2000 kom die eeuwisseling van die 20ste na die 21ste eeu. Aan die einde van elke 100 jaar pleeg die Christenheid terug te kyk na die byna afgelope eeu van die Christelike jaartelling met 'n gevoel van diepe teleurstelling en skaamte oor die treurige geskiedenis daarvan. Sedert die einde van die 19de eeu heet dié gedrukte stemming die fin-de-siècle-gees, dit is die einde-van-die-eeu-stemming. Die opgewektheid van "la belle époque" omstreeks 1900 verbleik daarby. Daar was selfs Europeërs en Noord-Amerikaners, onder wie hoë offisiere, wat so teleurgestel was oor die materialistiese, imperialistiese gees in hul land, dat hulle na Suid-Afrika gegaan het om daar in 1899-1902 as vrywilliger vir 'n ideaal te veg. Hulle was onder andere die Fransman G. de Villebois-Mareuil, die Oostenrykers Adalbert von Sternberg en Robert Trimmel en die Noord-Amerikaner Blake.

Die 20ste eeu het die mensdom twee Wêreldoorloë (1914-1918 en 1939-1945), 'n Koue Oorlog (1948-1991), talle plaaslike oorloë - waaronder antikoloniale en interne nakoloniale - en twee groot ekonomiese depressies (1929-1938 en 1985 tot hede) gebring; dit is treurige herinneringe. Die euforie na die ineenstorting van kommunistiese regerings in

Oos-Europa, gevolg deur die einde van die Koue Oorlog, die Pyrrhus-oorwinning oor Irak en die gewaande demokratisering van Oos-Europa en voormalige kolonies, het in die Eerste Wêreld geheel verdamp. In talle lande woed interne oorloë wat geen einde wil kry nie.


**Sorge in Suid-Afrika**

In Suid-Afrika druk nie slegs die fin-de-siècle-gees nie, maar ook sorg oor die huidige oorgang van blank na swart bewind. Sommige mense hier vrees agteruitgang op talle gebiede, selfs die verdwyning van die Westerse beskawing en die "Untergang des Abendlandes", wanneer die Derde Wêreld van swart Afrika ook die Republiek Suid-Afrika sal oorneem. Raka, die oermens van Afrika, sal Koki, die hedendaagse, beskaafde mens, verslaan en oorwin, volgens die epiese gedig "Raka" van N.P. van Wyk Louw. Ek laat in die middel in hoever die vrees gegrond is. Kunstenaars registreer dikwels met fyn aanvoeling in woord of beeld wat daar verborge of helder leef in die gees van die medemense. Daarom vind ek dit geen toeval nie dat ek in 1992 in Pretoria drie kunswerke met apokaliptiese stemming van Geweld en ondergang gesien het.

**Toekomsbeeld van Pretoria?**

Die eerste van die drie kunswerke is die skildery van die jong kunstenaar Nicolaas Maritz met die opskrif "Pretoria 1988". Dit is onlangs gekoop deur vrywillige gidse van die Pretoriase Kunsmuseum en daaraan geskenk. Pretoria is die hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), Transvaal, en van die Unie en die Republiek Suid-Afrika. Die stad geld volgens Jan C. Smuts as die Mekka van die Afrikaners. Middelpunt van die stad en vanuit 'n historiese gesigspunt van heel Suid-Afrika is Kerkplein. Dit is omring deur geboue van die ZAR en van latere bloeitye. In die middel van die plein is die kerkgebou nou vervang deur die standbeeld van ZAR-president S.J.P. Kruger, die aartstipe van die Afrikaner.

Maritz skilder 'n merkwaardige toekomsvisie van Kerkplein. Die plein is ontbloot, al die hoë geboue rondom en die dromme stadsbusse het verdwyn en is vervang deur stilte en palms: die bome van tropiese Afrika. In die verte het die ronde koppe van Magaliesberg stand gehou. Kruger se beeld staan nog eensaam op sy voetstuk, maar kyk nie meer na die Noorde nie, dog terug na die Suide; dit is 'n halwe slag omgedraai. Die vier gewapende Boerewagters rondom sy voetstuk het verdwyn, die veld geruim. Die Museumgids wat die skildery aan besoekers toegelig het, het ons gesê dat Maritz se toekomsvisie van ons stad die landelikheid en vredige stemming van Afrika weerspieël, maar sommige toeskouers sal miskien minder gerus oor die toekoms van ons stad wees ...



*Olieverfskildery met formaat 59 x 83,5 cm van Nicolaas Maritz, gebore in 1959, getitel "Pretoria 1988", in die Pretoriase Kunsmuseum. Dit is 'n geskenk van die vrywillige gidse van die Museum.*

*Foto: Pretoriase Kunsmuseum.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE AFRIKAANSE VOLKSANG- EN VOLKSDANSBEWEGING: KOMMENTAAR OP R. SEARLE EN C. DE RIDDER

deur Anton C. van Vollenhoven

## Inleiding

Die verskyning van R. Searle se publikasie in verband met mev. C. de Ridder en die Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging in "Pretoriana" 103 van 1993 kom op die regte tyd om aan te sluit by die feesvierings rondom die herdenking van die tagtigste jaar sedert Afrikaanse volksdanse, oftewel volkspele, vir die eerste keer in Suid-Afrika beoefen is. Dit was naamlik op 28 Februarie 1914, toe dr. S.H. Pellissier tydens 'n Sondagskoolpiekniek te Boshof (OVS) die leerlinge volkspele (toe nog die gebruiklike term) laat doen het.[1] Hierdie geleentheid is op 25-27 Februarie 1994 te Boshof deur die Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging (AVVB) herdenk.[2]

Hoewel Searle se publikasie ongetwyfeld van groot omvang en 'n lofwaardige bydrae is, dien kommentaar tog gelewer te word op sekere stellings en uitlatings. Die korrektheid van sommige beweringe word bevraagteken en deur middel van duidelike bronverwysings reggestel.

## Massa-optredes

Searle noem op p.4 dat die optrede tydens die Pretoria Eeufees van 1955 "die grootste massavertoning van volkspele wat ooit aangebied is" was.[3] Die geleentheid kan nie as die grootste vertoning gesien word nie, aangesien 'n groter getal deelnemers aan die vertoning tydens die Van Riebeeckfees in 1952 deelgeneem het.[4] Voorts beweer Searle dat die optrede tydens die 1946 Jakarandafees die volkspelebeweging kon maak of breek en dat dit die eerste groot volkspeleskouspel was.[5] Hierdie bewering dui op die miskenning van die vertoning voor die 1940 sinode van die NG Kerk in die OVS, wat reeds hierdie doel gedien het.[6] Dat die 1946 optrede wel hiertoe bygedra het, is seker.

Hy meld voorts dat volkspele in 1953 vir die laaste keer tydens 'n Jakarandafees vertoon is.[7] Hoewel dit sekerlik nie weer op so 'n groot skaal beoefen is nie, is vertonings wel so onlangs soos 1988 weer tydens 'n Jakarandafees gelewer. Volkspele is ook in die tagtigerjare by die Randse Paasskou vertoon,[8] terwyl Searle beweer dat 1954 die laaste keer was.[9]

## Pellisierweke

Searle maak ook 'n aantal foute ten opsigte van kursusse wat aangebied is. Hy skep die indruk dat die Pellisierweke wat in 1982 ingestel is, en die Judith Pellisierweke wat sedert 1985[10] (1984 volgens Searle) aangebied word, die eerste kursusse vir onderskeidelik hoër- en laerskoolleerlinge was.[11] Ten eerste dien daarop gewys te word dat daar nie na hierdie geleenthede as kursusse in die ware sin van die woord verwys kan word nie. Dit is inderdaad spesiale

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kursusse waar daar bo en behalwe die aanleer van die danse 'n verskeidenheid van aktiwiteite aangebied word wat nie op gewone hoër- en laerskoolkursusse aangetref word nie. Waar enige speler vir 'n kursus kan inskryf, word diegene wat die Pellisierweke bywoon in hulle streke gekeur, sodat net uitgesoekte junior volksdansers dit kan bywoon.[12)]

**Handleidings**

In 'n klaarblyklike poging om aan te toon hoe nontradisioneel die eerste volkspelebundels was, stel Searle dit dat die 33 spele in die Reddingsdaadbond se volkspelehandleiding grotendeels van Sweedse oorsprong was.[13)] Slegs 7 van hierdie spele was egter van Sweedse oorsprong[14)] en dit kan gewis nie as die meerderheid beskou word nie.

**Die AVVB 'n handelsvereniging?**

Dit is jammer dat Searle nie bronverwysings in hierdie verband meld nie, aangesien sy beweringe twyfelagtig is. Hy haal die rede vir die verandering van 'n ledevereniging na 'n maatskappy aan as "dat dit nou die handelsterrein betree het".[15)] Geen aanduiding word gegee van wie of wat hy aanhaal nie. Hierdie bewering is egter foutief.

Die beweging is wel in 'n artikel 21 maatskappy omskep, maar dit het niks met die betreding van die handelsterrein te make nie. Omdat verenigings in die sestiger- en sewentigerjare deur die staat belas is, het feitlik alle kultuurverenigings besluit om artikel 21 maatskappye te word.[16)] 'n Artikel 21 maatskappy is 'n maatskappy sonder winsoogmerk en is nie belasbaar nie.

Die enigste verandering wat dit teweeg gebring het, is dat die dagbestuur nou 'n direksie genoem is. Die statute soos die voor 1978 gegeld het, is net so behou.[18)] Searle se bewering dat die stagnasie in die beweging hieraan toe te skryf is,[19)] is dus nie gegrond nie.

**Volkspele of Volksdanse?**

Kommentaar dien ook gelewer te word op die standpunt dat daar eerder van "volkspele" as "volksdanse" gepraat behoort te word. Die oorsprong van volksdanse, soos deur mev. De Ridder beskryf, is nie korrek nie. Die ontstaan van volkspele, naamlik die behoefte by jongmense vir gepaste ontspanning[20)] is wel korrek, maar is ook van toepassing op die Europese volksdanse. Dit is voorts 'n uiting van die mens se emosies.[21)] Hierdie stelling is geldig, beide ten opsigte van Afrikaanse en Europese volksdanse. Dit is wel so dat die Europese volksdanse vertolkings van landelike bedrywighede en ander alledaagse aktiwiteite van die mense weerspieël. Afrikaanse volksdanse kan egter nie hiervan uitgesluit word nie. Die dans "Boereweek" beeld byvoorbeeld die verskillende werksdae uit en die kontras tussen die Donderdag, Vrydag en Saterdag is treffend.[22)] In "My hartjie, my liefie" word die vryperd se pootval voorgestel,[23)] terwyl "Opsitkers" die hofmakery[24)] en "Houtjies optel" die bymekaarmaak van vuurmaakhout en die knetterende vuur uitbeeld.[25)]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Bogenoemde is maar enkele voorbeelde in hierdie verband. Veral die nuwer danse soos "Meimaand" en "Speel en sing" is uitstekende voorbeelde van die vertolking van alledaagse gebeurlikhede.[26] Dit beteken dat Afrikaanse volksdanse (dit is die korrekte term) gewis volksdanse in eie reg is.

Die aard van Afrikaanse volksdanse (bv. die stylvolheid daarvan)[27] is nie 'n rede om dit nie as 'n volksdans te klassifiseer nie - nee, dit dui slegs op die eie karakter van ons danse, soos ons dit ontwikkel het op grond van ons volksaard. Ons is gewis ook nie die enigste volk met stylvolle danse[28] nie (vergelyk byvoorbeeld die Rozenwals van die Vlaminge).

Laastens sê mev. De Ridder dat dr. Pellissier self aan haar vertel het dat hy die grondslag vir ons volkspele by ons eie piekniekspeletjies gevind het en dat hy self dit volkspele genoem het.[29] Dit is 'n verdraaiing van die werklikheid. Dat die piekniekspeletjies Pellissier wel beïnvloed het, is waar, maar die oorspronklike gedagte het hy in Swede gekry toe hy 'n groep volksdansers gesien dans het. Hy het ook begin deur Sweedse danse aan te pas en te vertaal sodat dit in Suid-Afrika gedans kon word.[30] Die blote feit dat hierdie Europese volksdanse vandag as deel van ons "volkspele" beoefen word, toon aan dat dit nie iets anders as volksdanse kan wees nie. Voorts bewys dit dat Afrikaanse volksdanse sy oorsprong by Europese volksdanse het. Hoewel dit waar is dat dr. Pellissier ook van volkspele gepraat het, was die rede nie omdat dit iets anders as volksdanse was nie. Dit was slegs 'n strategiese benaming omdat die woord "dans" nie deur die kerke aanvaar sou word nie. Hierdie feit is deur dr. Pellissier self in 'n persoonlike onderhoud aan dr. C.J.P. Jooste vermeld.[31]

Jooste gee voorts verskeie redes waarom daar geen wesentlike verskil tussen volkspele en volksdanse is nie. Hy bewys telkemale dat die redes vir die sogenaamde uniekheid van volkspele ook by Europese volksdanse voorkom. Slegs enkele voorbeelde dien vermeld te word.

Eerstens word daar beweer dat daar slegs by volkspele maats geruil word by die herhaling van die danse. Jooste toon aan dat maats wel by sommige Europese volksdanse geruil word. Die ooreenkoms is dus duidelik.

Tweedens word beweer dat die tiekiedraai net by volkspele voorkom. Jooste meld egter dat variasies hiervan by Europese volksdanse voorkom - dit dra net 'n ander naam.[32] Selfs by volkspele kom verskeie variasies van die tiekiedraai voor.[33]

'n Laaste voorbeeld ten opsigte van die regverdiging van volkspele bo volksdanse, is omdat daar gesing word tydens die uitvoering van volkspele. By sommige Europese volksdanse word daar egter ook gesing.[34]

Dit is derhalwe duidelik dat daar geen grondige rede bestaan om van volkspele eerder as volksdanse te praat nie. 'n Ondersoek na die aard van nie-Europese volksdanse sal waarskynlik verdere ooreenkomste met Afrikaanse volksdanse uitwys. Om te verwys na ons eie volksdanse behoort daar dus

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van Afrikaanse volksdanse gepraat te word.[35] Jooste kom tot die slotsom dat daar geen wesentlike verskil tussen volkspele en volksdanse is nie.[36]

'n Verdere bewys dat volksdanse 'n meer korrekte term as volkspele is, vind ons in 'n eenvoudige woordeboekverklaring van die terme dans, volksdans en volkspele. Uit die HAT kry ons die volgende inligting:

"Dans - Reeks bewegings en passies op maat van musiek uitgevoer (Die dans kan 'n uitdrukking van gevoelens wees)"[37] Voldoen volkspele nie aan hierdie beskrywing nie?

"Volksdans - Dans wat by die volk ontstaan het, meestal gekenmerk deur eenvoudige bewegings wat sing-sing uitgevoer word."[38] Volkspele voldoen ook aan hierdie vereistes.

"Volkspele - Spele bestaande uit sierlike dansbewegings waarby die spelers in Voortrekkerdrag geklee is en volksliedjies as begeleiding sing."[39]

Dit is insiggewend dat die woord dans gebruik word om volkspele te beskryf. Dit bewys onomwonde dat volkspele niks anders as die volksdanse van die Afrikaner is nie en dat daarna as Afrikaanse volksdanse verwys behoort te word.

Ten slotte moet teleurstelling uitgespreek word oor die foutiewe aanhaling van 'n vorige artikel oor die AVVB, as sou die titel "Die Afrikaanse volksang- en volkspelebeweging 50 jaar (1941-1991)" lees.[40] In die korrekte titel is die woord "dans" in die plek van "spele", soos wat die AVVB se amptelike benaming sedert 1989 is.[41] Die foutiewe aanhaling hiervan laat die indruk dat die skrywer nie objektief is nie.

## Samevatting

Dit is duidelik dat sowel Searle as De Ridder sekere inligting omtrent Afrikaanse volksdanse en die AVVB foutief weergee. Meer foute as dit wat bespreek is, kan uitgewys word, maar reaksie daarop sou slegs wat reeds gemeld is, bevestig. Daar word vertrou dat die wetenskaplike regstelling daarvan in die regte lig beskou sal word. Hoewel die skrywers waarskynlik nie beoog het om 'n wetenskaplike artikel te plaas nie, behoort daar tog daarop gelet te word dat feite korrek gestel word.

Dank word aan die Genootskap Oud-Pretoria oorgedra vir bereidheid om 'n artikel wat as kommentaar daarop dien, te publiseer.

### Verwysings

1) A.C. van Vollenhoven, Die Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging, 50 jaar (1941-1991), "SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis" 6(1), 1992, p.46.

2) A.V.V.B., "Notule van die sestiende algemene jaarvergadering van die AVVB", 1993, p.10.

3) R. Searle, 'n Kort oorsig van die instansies en persone wat hoofsaaklik vir die ontstaan, beskerming en bevordering van volkspele en volksdrag verantwoordelik was, "Pretoriana" 103, 1993, p.4. (Lewenskets van mevrou Cecile de Ridder, oorgedruk uit "Pretoriana" no. 103, afsonderlike brosjure.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

4) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, pp.150 en 165.

5) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.30.

6) A.V.V.B., "Ons volkspele-erfenis", 1989, p.2.

7) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse Volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.30.

8) Persoonlike ervaring.

9) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse Volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.33.

10) A.V.V.B., "Ons volkspele-erfenis", 1989, p.5.

11) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse Volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.5.

12) A.V.V.B., "Ons volkspele-erfenis", 1989, p.5.

13) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse Volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.25.

14) A.V.V.B., "Ons volkspele-erfenis", 1989, p.2.

15) R. Searle, 'n Kort oorsig van die instansies en persone wat hoofsaaklik vir die ontstaan, beskerming en bevordering van volkspele en volksdrag verantwoordelik was, "Pretoriana" 103, 1993, p.4 (afsonderlike brosjure).

16) Persoonlike mededeling: mnr. A. Strydom, Direksielid van die A.V.V.B., Johannesburg, 21.02.1994.

17) A.V.V.B., "Akte van oprigting", p.1.

18) Persoonlike mededeling: mnr A. Strydom, Direksielid van die A.V.V.B., Johannesburg, 21.02.1994.

19) R. Searle, Lewensbeskrywing van mevrou Cecile de Ridder - pionier en leidster van ons eie Afrikaanse volkspele, "Pretoriana" 103, 1993, p.10.

20) C. de Ridder, Is dit "Volkspele" of "Volksdanse"? "Pretoriana" 103, 1993, p.10.

21) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, p.23.

22) A.V.V.B., "Ons Volkspele-erfenis", 1989, pp.22-23.

23) Ibid, p.29.

24) Ibid, p.30.

25) Ibid, p.26

26) Ibid, pp.29 en 33.

27) Vergelyk die aanhaling van J.H. Broekman in C. de Ridder, Is dit "Volkspele" of "Volksdanse"? "Pretoriana" 103, 1993, p.11.

28) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, p.23.

29) C. de Ridder, Is dit "Volkspele" of "volksdanse"? "Pretoriana" 103, 1993, p.11.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

30) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, pp.42-43; A.V.V.B., "Ons volkspele-erfenis", 1989, p.1.

31) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, pp.44-45.

32) Ibid, p.22.

33) Vergelyk die beskrywing van die danse in "Ons volkspele-erfenis".

34) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, p.23.

35) Vandaar die naam Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging.

36) C.J.P. Jooste, "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die volkspelebeweging in Suid-Afrika" (ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), 1978, p.24.

37) F.F. Odendal (red.) et al, "Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal", 1988, p.136.

38) Ibid, p.1302.

39) Ibid, p.1303.

40) C. de Ridder, Is dit "Volkspele" of "Volksdanse"? "Pretoriana" 103, 1993, p.11, verwysing 1.

41) A.C. van Vollenhoven, Die Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging 50 jaar (1941-1991), "SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis" 6(1), 1992, p.48.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Bestuurslede van die Pretoriase Historiese Vereniging - G.O.P. by die onthulling van die S. Marksplaat in die gebou van die Eerste Nasionale Bank aan Kerkplein op 23 Maart 1994. Van links na regs Mnr. Wynand du Plessis, Dr. C. de Jong, Mev. M. Andrews, Mnr. T.E. Andrews, Mev. M.L. Willmer, Mev. M. Bees, Mev. M. Coetzee, Mnr. Willem J. Punt Jr., Dr. N.A. Coetzee. Kyk p. 26 van die onderhawige Pretoriana".*
*Foto van die Museum van Eerste Nasionale Bank in Johannesburg.*

**J PLOEGER, "VEERTIG JAAR GENOOTSKAP OUD-PRETORIA (7) - DIE TYDPERK 1985-1987*)**

57. Notule van die bestuursvergadering van 2.9.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. Willem J. Punt

Onder die uitgaande korrespondensie was 'n skrywe i.v.m. die inskripsie op die gedenksteen op die graf van wyle Dr. Hermann M. Rex (Rustenburg) en 'n brief m.b.t. die straatname in die Philip Nel-park. Aan die staptoer deur die Ou Begraafplaas (Kerkstraat-Wes; Aug.) het 13 persone deelgeneem. Die herstel of die heroprigting van heelwat grafstene is opgemerk.

In die tjekrekening van die GOP was R1 266,00 aanwesig, terwyl die saldo op die spaarrekening R3 174,00 bedra het.

*) Die voorgaande aflewering is gepubliseer in"Pretoriana" no. 104, March/Maart 1994.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Mnr. Willem J. Punt het meegedeel dat die Stadsraad besluit het dat die verlenging van Atterburyweg Hans Strijdomrylaan genoem word. Hy het verder verklaar dat die Erfeniskomitee goeie vordering met die uitsoek van foto's maak. Besluit is dat die opskrif op die graf van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, sal lui: "Stigter Genootskap Oud-Pretoria 1948". Aangekondig is dat die Kirkness-gedenkplaat op 23.9.1985 by die Hoofposkantoor onthul word deur mnr. Ridgard en dat mnr. J.N. Kirkness eregas sal wees. Die onthulling sal deur 'n noenmaal in die "Pretoria Club" gevolg word.

Mnr. Willem J. Punt stel voor dat 'n gemesselde suil van Kirkney/Pretoria-baksteen by die poort van die nuwe Normaalkollege opgerig word. Hy sal die benodigde bakstene skenk en 'n Kirkness-gedenkplaat moet aan die suil gevestig word.

Die funksie by NASKO (25.9.1985), t.w. die skyfievertoning deur mnr. R. Tomlinson, was geslaagd. Mnr. Melt van Niekerk het mnr. T.E. Andrews van harte geluk gewens met sy benoeming as kurator van die Nasionale Monumenteraad.

58. Notule van die bestuursvergadering van 7.10.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Mnr. Willem J. Punt tree as voorsitter op en wens mev. M. Andrews geluk met haar herstel. Onder die ingekome korrespondensie is die vermelding dat die Melrose-huis in 1986 100 jaar oud sal wees (26.8.1985). By die uitgaande briefwisseling is uitnodigings aan die pers en die SAUK i.v.m. die onthulling van die Kirkness-gedenkplaat (5.9.1985). Ses nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Dr. Oscar Norwich het die toer in Johannesburg gelei, die uitstappie op die Stigtersdag van Pretoria sal op 16.11.1985 gehou word en i.v.m. die Paastoer is die hotel op Pelgrimsrus bespreek. (36 lede neem aan diê toer deel.)

Die finansies was gesond en het uit R1 693,00 (tjekrekening) en R3 174,00 (bankrekening) bestaan. Mnr. Willem J. Punt het meegedeel dat Atterburyweg (in sy geheel? Skr.) Hans Strijdomlaan sal word. Mnr. T.E. Andrews sal 'n brief met besonderhede oor die naam Atterbury aan die landmeter-generaal rig. Daar is 23 inskrywings, hoofsaaklik van Engelsmediumskole, i.v.m. die skooltuinewedstryd ontvang. Mnr. J.E. Repton sal die tuine beoordeel.

Daar was veertig persone by die onthulling van die Kirkness-gedenkplaat by die Hoofposkantoor aanwesig.

59. Notule van die bestuursvergadering van 4.11.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome briewe was 'n skenking van R500,00 van mnr. J.N. Kirkness. Aan die toer na Krugersdorp, die voëlplaas en die grotte het 56 persone deelgeneem. In die GOP se spaarrekening was R374,00 en in die lopende rekening R2 238,00 aanwesig. Mnr. Tomlinson het voorgestel dat die straatnaam Kansasstraat na Texasstraat verander word. Drie laat inskrywings is i.v.m. die skooltuine-wedstryd ontvang. Die GOP-plaat is by die nuwe "Kaya Rosa" se ingang aangebring en die bestuur is na die feesvierings i.v.m. die eeufees van Melrosehuis op 31.5.1986 uitgenooi.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

60. Notule van die bestuursvergadering van 3.2.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Daar was uitgaande korrespondensie i.v.m. die skooltuinewedstryd. Vier nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Prof. Dr. C. de Jong het lesings by die sterrewag gereël en ontvang, in dié verband dank van die bestuur. Daar is besluit om tydens die Stigtersdag-byeenkoms die graf van biskop Henry Brougham Bousfield (1832-1902) te besoek. Mev. M. Andrews het 'n toer na Cullinan aangekondig (22.2.1986). Prof. Dr. C. de Jong het, o.m. in verband met "Pretoriana" die aandag op die honderdjarige herdenking van die geboorte van die gevierde kunstenaar Jacob Hendrik Pierneef (1886-1957) in Pretoria gevestig. Mnr. T.E. Andrews het sy waardering i.v.m. die herstelde grafte in die Ou Begraafplaas, tans 120 jaar oud, uitgespreek. Die skoonhou van die Booysen-grafte is gereël.

Mnr. Willem J. Punt deel mee dat inwoners beswaar maak teen die naamverandering van Atterburyweg (vanaf Lynnwood) in Hans Strijdomrylaan. Dan is die benaming Maria van Riebeeckweg nou Jan Smutsweg. Prof. Van der Walt betaal vir die byskrif "V.d. Walt - medestigter van Pretoria" op die genoemde straatnaambord. In 'n brief het mnr. Punt vir die bewaring van die Gereformeerde Kerkgebou, Bronkhorstspruit, gepleit en aangekondig dat die Stigting Simon van der Stel hom met die behoud van die woning van regter Wessels bemoei. Mev. S. Jacobs ontvang dank vir haar werk in verband met die skooltuine-wedstryd.

61. Notule van die bestuursvergadering van 3.3.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die toer na Cullinan was, aldus mev. Andrews, 'n sukses. Sy kondig 'n toer na Doornpoort (26.4.1986) aan. Prof. Dr. C. de Jong deel mee dat "Pretoriana" (nr. 89) by die drukker is. Mnr. Tomlinson rapporteer dat die Stadsraad begin het om die terrein by Fort Wonderboom skoon te maak. Mnr. T.E. Andrews het verskeie boekies oor historiese wandelpaaie geskryf en gedruk. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) en mnr. Willem J. Punt het 'n vergadering m.b.t. die Erasmus-landhuis bygewoon. Die woning word as 'n ontspanningshuis gebruik, maar die GOP verkies 'n Boeremuseum. Aan die Administrateur word dank i.v.m. die bewaring betuig. Die Algemene Jaarvergadering sal in die Pretoriase Kunsmuseum (16.4.1986) gehou word.

62. Notule van die bestuursvergadering van 7.4.1986 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was o.m. 'n brief van die Stadsraad van Bronkhorstspruit i.v.m. die Gereformeerde Kerkgebou (14.3.1986). Ook is diverse briewe van die Pretoriase Stadsraad ontvang (12.3.1986, 18.3.1986, 24.3.1986).

Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Die toere na die sterrewag om na Halley se komeet te kyk, is met erkentlikheid genoem. Mev. H. Smit het as tesourier bedank en vermeld dat die saldo op die spaarrekening R2 567,00 en op die lopende rekening R431,00. Mev. Smit het die dank en waardering van die bestuur ontvang. Die datum vir die tydelike onthulling van die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Kirkness-gedenkplaat by die Normaalkollege is op 3.6.1986 bepaal. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het voorgestel dat Dr. W.H.J. Punt, DVD, se graf in die Rebeccabegraafplaas op Stigtersdag (November 1986) besoek word. Die voorstel is aanvaar.

63. Notule van die 38ste Algemene Jaarvergadering van 16.4.1986 gehou in die NASKO-museum, Boomstraat

Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) se jaarverslag word ter tafel gelê en die voorsitter voeg daaraan die volgende toe: Die Booysens-begraafplaas, Claremont, is skoongemaak en die twee klein grafstene is onthul. Twee grafstene wat gevind is, word in die NASKO-museum bewaar. Met betrekking tot die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) stel Dr. Coetzee voor dat 'n fonds gestig word om gebreekte grafstene op 'n rand-vir-rand-grondslag te laat herstel. Die bestuur sal hieroor besluit. Die voorsitter betuig sy dank teenoor die bestuurslede vir verrigte werk en sy verslag word met algemene stemme aangeneem. Daarna is die ouditeursverslag bespreek en die nuwe bestuur vir die boekjaar 1985-1986 gekies. Die uitslag was soos volg: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter) mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (assistent-sekretaresse), prof. Dr. C. de Jong (redakteur "Pretoriana"), mev. A. Dreyer (argivaris), mev. M. Andrews (toere), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), prof. Dr. H. Petrick (grafte), mnre. N. Lemmer, Melt van Niekerk en Willem J. Punt (navorsing), mnr. R. Tomlinson (forte), mev. F. Fourie (funksies) en mev. S. Jacobs (skooltuine-wedstryd).

Vervolgens het mnr. Melt van Niekerk hulp gevra om geboue af te neem. Mnr. Punt het vermeld dat die saal van die "Guild of Loyal Women" (Sunnyside) afgebreek is. Die hoeksteen (1908) is vir bewaring aan mnr. Anton Jansen oorhandig. Dr. Ben Cronjé het die aanwesiges op 'n skyfievertoning vergas.

Hier volg meer besonderhede aangaande die voorsittersverslag.

Dr. Coetzee se verslag begin met die noem van die GOP se bestuur (1984-1985) en die hou van maandelikse bestuursvergaderinge. Hy bring dank aan die bestuur vir die verrigte, belangrike werk en noem o.m. die reëlings m.b.t. Stigtersdag (16.11.1984) en gee 'n kort beskrywing van die verrigtings op dié dag en die besoek aan die Leidse sterrewag. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies is as lewenslange erelid benoem. Die GOP het R300,00 vir die herstel van grafstene op die Ou Begraafplaas betaal en die Booysens-Hermann-grafte is herstel en 'n monument is opgerig. Dank is uitgespreek aangaande mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief") en prof. Dr. C. de Jong ("Pretoriana") vir 'n prestige-publikasie. Ook is dank aan sy medewerkers betuig.

I.v.m. die Erasmus-landhuis (1903) en die huise (1860, 1890 en 1903) op die landgoed is Armscor se bereidwilligheid i.v.m. restourasie en benutting bespreek.

Die J.J. Kirkness-gedenkplate is by die Hoofposkantoor en (tydelik) by die nuwe Normaalkollege, sowel as by die Kirkney industriële gebied (Hercules) opgerig. Dank is aan mnr. J.N. Kirkness (skenkings) betuig.

Danksy mnr. en mev. T.E. Andrews bly die GOP-toere 'n groot

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

aantrekkingskrag uitoefen. Daar word meer toere in die vooruitsig gestel, o.m. na die Noord-Natalse slagvelde. Fort Wonderboom is skoongemaak en die voorsitter dring op restourasie aan. Mnr. T.E. Andrews het pamflette oor staptoere opgestel wat deur die Stadsraad gepubliseer sal word. Die Stadsraad het sy toelae van R225,00 tot R360,00 verhoog en die GOP is voornemens om vir 1987 'n verdere verhoging tot R1 200,00 te vra.
Dank is aan mev. S. Jacobs en mnr. J.E. Repton aangaande hulle werk m.b.t. die skooltuine-wedstryd betuig. Die GOP het in 1955 met die toekennings begin en die jongste uitslae was soos volg: 1. Laerskool Voorpos, 2. Laerskool Rachel de Beer, 3. Laerskool Fleur en 4. Laerskool Akasia.

Gedenkplate is op die grafte van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, en Dr. H.M. Rex aangebring om hulle werksaamhede i.v.m. die GOP te eer.

Na die behandeling van hierdie gedeelte van die voorsitter se verslag is by O'Neill se huis (Majoeba), die NZASM-brug en straatname, die voormalige Capitol-bioskoop, die tremloods en "Kaya Rosa" stilgestaan. Ook is die onderskeie funksies en die belangrike werk van die Erfeniskomitee aangehaal en - in diê verband - die werksaamhede van mnre. Van Niekerk en Honeyball geprys. Mev. Vermaak is bedank vir die versending van publikasies e.d.m. aan 600 lede. Die doelwit is en bly 1000 lede.

64. Notule van die bestuursvergadering van 5.5.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die voorsitter verwelkom in die besonder Raadslid S. de K. Venter, verteenwoordiger van die Stadsraad. Mnr. D. Eksteen sal die finansies beheer en mev. M. Andrews opvolg. Onder die inkomende korrespondensie is 'n uitnodiging van die Genootskap Nederland-Suid-Afrika om 'n lesing deur Dr. L.E. van Niekerk oor Dr. W.J. Leyds en Staatspresident S.J.P. Kruger by te woon. Diê lesing sou in die voormalige saal van die Eerste Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek gehou word. Daar is nege nuwe lede voorgestel en aanvaar. Met 'n tweetal busse (150 deelnemers) is 'n toer na die Leidse sterrewag onderneem, terwyl op 26.4.1986 'n toer na Doornpoort gevolg het.

Raadslid S. de K. Venter is deur die voorsitter gevra om te help dat die Stadsraad per jaar twee uitgawes van "Pretoriana" borg. Daar is vermeld dat die Booysens-grafte-begraafplaas vuil is. Raadslid S. de K. Venter stel voor dat die perseel as 'n begraafplaas verklaar word. Die redakteur van "Pretoriana", prof. Dr. C. de Jong, het op die vergadering eksemplare van die jongste aflewering uitgedeel. Die volgende fase van die werksaamhede van die Erfeniskomitee is Arcadia, aldus mnr. Willem J. Punt.

Aangaande 'n funksie in die Pierneef-museum (13.8.1986) het die voorsitter belowe om, indien moontlik, 'n spreker te kry.

65. Notule van die bestuursvergadering van 9.6.1986 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n uitnodiging om die intreerede van bestuurslid prof. Dr. H. Petrick by te woon. Vier nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Die volgende toere is

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in die vootuitsig gestel: Na Suikerbosrand (28.6.1986) en Johannesburg (27.9.1986).

"Pretoriana" nr. 89 het verskyn en die prys is tot R5,00 per eksemplaar verhoog. Prof. Dr. C. de Jong (redakteur) het aangekondig dat hy besig was om die NZASM-jubileumuitgawe voor te berei. Die lopende rekening het op R673,00 en die spaarrekening op R3 367,00 te staan gekom. Rekenings ten bedrae van R2 767,00 moes nog betaal word.

Prof. Dr. C. de Jong het opgemerk dat mnr. G. Kynoch se graf op Randfontein was. Na 'n besoek aan Fort Wonderboom het mnr. Tomlinson gerapporteer dat die netheid van die fort en sy omgewing hom verras het.

Die tweede Kirkness-gedenkplaat is op 3.6.1986 by geleentheid van die Republiekfees van die Onderwyskollege onthul. Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, het die aanwesiges toegespreek. Die plaat sal later op die nuwe terrein aangebring word. 'n Skrywe is i.v.m. 'n plaat by die NZASM-brug (Fonteinedal) in die eeufeesjaar van die NZASM (1987) aan die RGN gerig. Die volgende funksie sou 'n lesing deur Drr. Codd en Norwich oor ou kaarte (18.11.1986) wees.

66. Notule van die bestuursvergadering van 7.7.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die uitgaande korrespondensie was o.m. versoeke aan handelsbanke vir skenkings t.o.v. "Pretoriana", 'n skrywe oor die onderhoud van die Booysens-Hermann-begraafplaas en 'n aansoek i.v.m. geldelike steun vir "Pretoriana" aan die streekhoof van die Departement Kultuursake.

Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe van Dr. L.E. Codd i.v.m. die spreekbeurt op 18.11.1986. Hy was verhinder. Van die Stadsraad van Pretoria is briewe i.v.m. Fort Wonderboom en oor naamplate by riviere en brûe ontvang (10.6.1986, 26.6.1986).

Vier nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Ses bestaande lede het bedank. In Heidelberg is, tydens 'n toer, die diorama en die museum besoek. Die Pierneeftoer is op 26.7.1986 bepaal. Van die spaarrekening is R1 200,00 na die lopende rekening oorgeplaas. Van die ontvange ledegeld is R2 020,00 gebank. Diverse rekeninge is betaal.

Mnr. Willem J. Punt het aangekondig dat die volgende straatname geen veranderings ondergaan het nie: Atterburyweg, Hamiltonstraat en Lorentzstraat. Mnr. T.E. Andrews het die straatnaamborde van byskrifte voorsien, terwyl die Stadsraad die borde oprig. Mnr. R. Tomlinson het die mening uitgespreek dat dit die moeite werd is om Fort Daspoortrand ("Wesfort") te restoureer. Die Victoriabrug is deur die Stadsraad opgeknap. Die Erfeniskomitee se fotograwe werk, aldus mnr. Willem J. Punt, in Arcadia. I.v.m. funksies is mnr. Avis en dr. O. Norwich gevra om, onderskeidelik, in September en November 1986, as sprekers op te tree. Mnr. Willem J. Punt het die terugkeer van die Wurlitzer-orrel en die beplande restourasie van die eertydse Capitol-teater aangekondig.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

67. Notule van die bestuursvergadering van 4.8.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was R1 000,00 van die Stadsraad, waarvan R750,00 vir "Pretoriana" bedoel was. Die handelsbanke het nadere inligting gevra of geantwoord dat hulle "Pretoriana" nie kon help nie. Daar is agt nuwe lede voorgestel en aanvaar. Die bus m.b.t. die Johannesburg-toer was vol en die bestemming van die Pierneef-toer sou sy voormalige woning ("Elangeni") wees, aldus mev. M. Andrews. Prof. Dr. C. de Jong het gerapporteer dat daar genoeg stof vir "Pretoriana" (nr. 90) beskikbaar was. Die prys van "Pretoriana" is, na verdere oorweging, tot R5,00 per eksemplaar verhoog. Daar is besluit om 'n eksemplaar aan elkeen van die volgende dagblaaie, "Die Transvaler", "Beeld" en "The Pretoria News", te stuur. In die spaarrekening was R2 064,00 en in die lopende rekening R601,00 voorhande.

Mnr. Willem J. Punt het aangekondig dat die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede O'Neill se huis, by Majoeba, gekoop het met die doel om dit te restoureer. Aangaande die toekoms van die voormalige tremloods het hy verklaar dat die Stadsraad genader is om die geboue te verkoop. Alles sal in 'n meerdoelige ruimte omskep word. Mnr. T.E. Andrews het vermeld dat die tremspore na die Uniegebou gelig is (4.8.1986). Mnr. Punt het gewag gemaak van die goeie vordering van die Erfeniskomitee en 'n donasie van R50,00 gevra waarvoor die komitee films kan koop. Daar is oorweeg om naamplate by Pierneef se vroeëre wonings in De Waalstraat en Brummeria ("Elangeni") aan te bring.

Prof. Dr. C. de Jong het die verskyning van Dr. N.A. Coetzee (voorsitter) se standaardwerk oor die Du Plessis-geslag aangekondig. Die bestuur het die outeur geluk gewens. Mnr. Andrews het, met verwysing na die fort op Strubenkop, gesê dat die terrein, volgens die testament, as 'n wildreservaat gebruik moet word. Kerkplein se jongste modelplan staan in Munitoria en daar is sprake dat Staatspresident S.J.P. Kruger se standbeeld geskuif en S. Marks se fontein terugkom, aldus mnr. Willem J. Punt.

68. Notule van die bestuursvergadering van 1.9.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome pos was briewe m.b.t. die Pierneef-Eeufees en aangaande twee gedenkplate (van die Agentskap Willem Punt). Die uitgaande korrespondensie het, gerig aan die Stadsraad, te doen gehad met Strubenkop (historiese terrein) en die bewaringsplan vir Pretoria, sowel as t.a.v. die Du Preezhoekbegraafplaas en die hulptoekenning vir die boekjaar 1986/1987.

Daar is vier nuwe lede voorgestel en aanvaar. Op die twee toere na Muldersdrif en die "Golden Reef City", was - aldus mev. M. Andrews - die busse vol. Prof. Dr. C. de Jong het aangekondig dat die kopie vir "Pretoriana" (nr. 90) binnekort na die drukker sou gaan. Spreker het daaraan toegevoeg dat mnr. Hannes Meiring 'n artikel oor "Mea Vota" (die NZASM-huis) en dalk oor die NZASM-lokomotiewe sou skryf. Tewens het hy aangekondig dat die Barclays Bank-museum (Johannesburg) R2 400,00 vir "Pretoriana" beskikbaar sou stel.

Mnr. Willem J. Punt het, m.b.t. waaksaamheid, o.m. die ge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dagte uitgespreek dat, met 'n verandering van Kerkplein in gedagte, die fondamente van die vroeëre kerkgebou aangedui moet word. Hy het ook gevra dat 'n verteenwoordiger van die Stadsraad die Burgerlike Trust i.v.m. hulle planne moet toespreek.

Mev. S. Jacobs het briewe aan 94 laerskole in en om Pretoria uitgestuur om die aandag op die skooltuine-wedstryd te vestig. Besluit is om miniatuur skilde en bekers te laat vervaardig. Volgens mnr. Punt werk die Erfeniskomitee in Arcadia en Hatfield. Dié organisasie sê dankie aan die GOP vir die skenking (R50,00). Daar is besluit dat prof. Dr. C. de Jong en mnr. Willem J. Punt die bewoording vir 'n NZASM-gedenkplaat by die oorblywende deel van die eertydse spoorbrug (Fonteinedal) opstel. Mnr. Willem J. Punt vermeld dat die Burgemeester op 15.11.1986 'n nuwe lemoenboom op die plek van die Koningin Wilhelminaboom (Burgerspark) sal plant.

69. Notule van die bestuursvergadering van 13.10.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was o.m. briewe van die Stadsraad (Strubenkop, hulptoekenning) en van die Standard Bank van Suid-Afrika (artikel, "Pretoriana"). Die uitgaande pos het o.m. gehandel oor die stedelike bewaringsplan en 'n gedenkplaat vir die Pierneefhuis in De Waalstraat. Nege nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Bepaal is, aldus mev. M. Andrews, om die Stigtersdag-toer met die plant van 'n nuwe lemoenboom (Koningin Wilhelminaboom) in Burgerspark (15.11.1986). Daarna sal die onthulling van die gedenkplaat van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, op sy graf plaasvind (Rebeccastraat-begraafplaas). Vir die Paasnaweektoer is 'n hotel by Duiwelskloof bespreek. Prof. Dr. C. de Jong het verduidelik dat die inhoud van "Pretoriana" (nr. 91) aan die herdenking van die NZASM (1887-1987) gewy sal wees. Nr. 92 van dieselfde tydskrif sal 'n bydrae oor Barclaysbank bevat.

In die spaarrekening was R3 064,00 terwyl die batige saldo in die lopende rekening R1 360,00 bedra het. Besluit is om ondersoek na die Van der Merwe-grafte, Donkerhoek, in te stel. Met verwysing na die verandering van straatname deur die Stadsraad is besluit om 'n skrywe aan die Administrateur en die Landmeter-generaal te rig. Ook is besluit om naamplate by die voormalige woonhuise van Dr. W.H.J. Punt, DVD, se oupa en vader, by die Pierneef-huis en moontlik by die NZASM-brug aan te bring.

70. Notule van die bestuursvergadering van 3.11.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Na die behandeling van die korrespondensie is drie nuwe lede voorgestel en aanvaar, terwyl mev. M.L. Willmer as 'n lewenslid ingeskryf is. Mev. Andrews het verklaar dat die tweede toer na Johannesburg goed verloop het en dat, as 'n deel van die beoogde verrigtings op Stigtersdag, 'n piekniek by Rietvleidam gehou sal word. Die "Nuusbrief" sou binnekort versend word, aldus mnr. T.E. Andrews. Prof. Dr. C. de Jong het aangekondig dat die volgende oplaag van "Pretoriana" uit 500 eksemplare sal bestaan. Dié oplaag sal binne 'n maand gereed wees.

Tesourier D. Eksteen het gesê dat daar 'n bedrag van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

R3 064,00 in die spaarrekening was. Die bedrag in die lopende rekening was R1 196,00. Mev. Jacobs het verklaar dat miniatuur skilde en bekers vervaardig en aan skole uitgedeel is. Sestien skole het i.v.m. die skooltuine-wedstryd ingeskryf. Mev. M.L. Willmer verteenwoordig die GOP op die Erfeniskomitee wat binnekort sy aandag aan die middestad sal wy.

M.b.t. naamplate. Mnr. Willem J. Punt verkry toestemming om 'n plaat aan te bring aan die woning Gerhard Moerdykstraat 179. Daar het mnr. Jacob Punt van 1925-1960 gewoon.

Onder algemeen is gedagtes gewissel oor 'n beplande busdepot en voorgestelde veranderinge aan Kerkplein. Alles is as onaanvaarbaar bestempel. Daar is besluit om 'n afvaardiging na die Vervoerafdeling van die Stadsraad te stuur. Mnr. Willem J. Punt het aangekondig dat die Wurlitzer-orrel op 7.11.1986 in die Capitol-teater terug verwag word. Hy het die bestuur uitgenooi om by die terugkeer aanwesig te wees.

71. Notule van die bestuursvergadering van 1.12.1986, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die uitgaande korrespondensie is die volgende briewe voorgelê: 'n Skrywe aan die RGN (byskrifte op straatnaamborde) en aan die RNG (NZASM-brug, Fonteinedal). Van die ingekome korrespondensie is o.m. ter tafel gelê: 'n Skrywe van die Departement van Omgewingsake i.v.m. 'n register van Bewaringsorganisasies) en 'n brief van die Nasionale Dieretuin oor die Pierneefhuis. Daar was ook 'n brief van die RGN insake straatname.

Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Besluit is om "Pretoriana" (nr. 90) saam met die "Nuusbrief" uit te stuur.

M.b.t. waaksaamheid het mnr. Willem J. Punt verwys na 'n tiental belangstellendes wat na Durban gaan om die voormalige stasiegebou, tans 'n winkelsentrum, te besigtig. Hy het verder na die voormalige hoofkantoor van die munisipale slagpale, ontwerp deur argitek Cowen, en die "Western Hotel", 'n ontwerp van Dr. G. Moerdyk, verwys.

Die skooltuine is beoordeel en daar is ook besluit om meriete sertifikate uit te reik. Mnr. Albrecht Holm sou, volgens 'n aankondiging, op 6.12.1986, 'n wandeltoer op Kerkplein - veral i.v.m. die westelike gewelwand - lei. Die funksie in die Kunsmuseum was 'n sukses en prof. Dr. C. de Jong het, met 1987 in gedagte, funksies m.b.t. die NZASM en Schoemansdal voorgestel.

72. Notule van die bestuursvergadering van 2.2.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe oor die komitee m.b.t. 'n gedenkteken vir Nederlanders en oud-Nederlanders in Pretoria (30.1.1987) en 'n skrywe van die Stadsraad aangaande die bewaringsplan.

Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Onder hulle was die lewenslid H.M. Faber. Mev. M. Andrews het verwys na die toer na Bothshabelo (19.2.1987) en opgemerk dat die bus vir die Paasnaweek-toer byna vol bespreek was. Redakteur prof. Dr. C. de Jong het aangekondig dat subsidies vir "Pretoriana" ontvang is van die ZASM (Amsterdam) (1000 gulden) en die "Neerlandia Stichting" (Bloemfontein) (R300,00). Op die lopende rekening

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was R866,00, op die spaarrekening R3 161,00. Mnr. T.E. Andrews het bepleit dat die ruïne van Fort Daspoortrand (Wesfort) in veiligheid gebring en die pad rybaar gemaak word.

Mnr. Tomlinson het oor vandalisme in die omgewing van Fort Tullechewan gerapporteer. Daar is die plaat van die Nasionale Monumentekommissie verwyder. Mnr. Willem J. Punt het verklaar dat daar goed met die wandelroete in Kerkstraat gevorder is. Besluit is om die volgende Algemene Jaarvergadering op 25.3.1987 by NASKO te hou en mnr. Robert C. de Jong te vra om as spreker oor die geskiedenis van die NZASM (1887-1987) te praat. Onder algemeen is die aandag op 'n monument in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) gevestig. Dié gedenkteken is opgerig m.b.t. name van oorledenes wie se grafstene uit die grond gehaal en wie se grafte gelyk gemaak is. Die bestuur het sy waardering teenoor die Stadsraad vir die monument betuig.

73. Notule van die bestuursvergadering van 2.3.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die uitgaande korrespondensie was o.m. 'n brief aan die Burgerlike Trust oor 'n seminaar by die WNNR (10.2.1987), 'n brief aan mnr. J. Avis i.v.m. die skooltuine-wedstryd (11.2.1987) en 'n skrywe aan die Historiese Monumentekommissie (HMK) oor die plaat by Fort Tullechewan. Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe van die RGN i.v.m. die Pierneef-huis. Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Onder hulle was lewenslid D. Eksteen en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Vir die toer na Oos-Transvaal (Paasnaweek) het 42 persone bespreek. Mev. M. Andrews het terselfdertyd 'n toer na "Zwartkopjes Hall", die landhuis van wyle mnr. S. Marks, aangekondig. Prof. Dr. C. de Jong het meegedeel dat "Pretoriana" (nr. 92) in die beplanningstadium verkeer. Die NZASM-gedenkuitgawe (nr. 91) is by die drukker. Mnr. T.E. Andrews het opgemerk dat die jongste "Nuusbrief" uitgestuur is.

Mnr. D. Eksteen het belowe om sy pos as tesourier tot die Algemene Jaarvergadering te bly beklee om dan af te tree. Aan kontant was R338,00 in die lopende rekening, in die spaarrekening R1 361,00 en voorhande R450,00. Daar was heelwat ledegeld uitstaande. Mnr. Tomlinson het beoog om op 22.3.1987 lede van die "Military Historical Society" na Rooihuiskraal, Fort Tullechewan en 1 Militêre Hospitaal te begelei. Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, is gevra om pryse i.v.m. die skooltuine-wedstryd uit te deel. Daar is besluit om gedenkplate by die tremhuisie (Kerkstraat), die Pierneef-huis en op Kirkney (J.J. Kirkness) aan te bring.

(word vervolg)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## BOEKBESPREKING : "ITALIANERS IN SUID-AFRIKA"

Boekbespreking van: Gabriele Sani, "History of the Italians in South Africa 1489-1989". Published by Zonderwater Block South Africa, Johannesburg, 1992, 348 pp. Prys R94,05.

deur C. de Jong

Die skrywer is die historikus Dr. Gabriele Sani te Bologna in Noord-Italië. Hy het 'n omvangryke en unieke boek oor die Italianers in Suid-Afrika vanaf die ontdekking van Kaap die Goeie Hoop in 1489 tot 1989 geskryf. Hy begin met 1489 omdat talle Italianers aan die ontdekkingsreise van Portugese en Spanjaarde in leidende posisies deelgeneem het. Tot die ontdekking van die Groot Goudrif in Transvaal in 1886 het slegs enkele tientalle Italianers jaarliks hulle in Suid-Afrika gevestig. Tog was daar enkelinge onder hulle wat aandag getrek het, byvoorbeeld Teresa Viglione, een van die groepe Italianers wat as smouse die Voortrekkers na Natal vergesel het. Sy het die Voortrekkers moedig gewaarsku teen 'n nagtelike aanval van Zoeloes en is daarom verewig op 'n reliëf in die Voortrekkermonument by Pretoria. Verder was die bekende Transvaalse pionier João Albasini uit Portugal van Italiaanse ouers.

In die 19de eeu het Italianers weens groot bevolkingsaanwas, armoede en staatkundige woelinge voor die eenmaking van Italië in 1861 in groot aantal geëmigreer, veral na die Verenigde State en Suid-Amerika. Talle van hulle was ongeletterd en ongeskoold en daarom het slegs 'n klein deel van die emigrante na Suid-Afrika getrek, want daar was ongeskoolde gekleurde arbeid oorvloedig. Die mynbou-omwenteling daar het talle immigrante uit Europa aangelok, onder wie Italianers. Hul aantal het toegeneem tot enkele honderde per jaar - enigsins betroubare statistieke van immigrasie van Italianers ontbreek. Die hier gevestigde Italianers het mynwerkers geword of ambagte uitgeoefen - veral werkers met klip en mosaïek - of spoorweë aangelê, onder meer vir die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM), of vrye beroepe - veral geneesheer en of ingenieur - of die hotel- en restourantbedryf uitgeoefen.

Volgens Sani het die swaar ekonomiese depressies in Suid-Afrika in 1903-10, 1919-24 en 1929-33 die immigrasie ingrypend beperk. Bowendien het die regering van die Unie die immigrasie van Rooms-Katolieke en ongeskoolde Italianers en het die fascistiese regering in Italië in 1922-40 die emigrasie ontmoedig. Die Italiaanse immigrante in Suid-Afrika was merendeels afkomstig uit Noord-Italië, naamlik Piedmont - bakermat van die Waldense onder die Hugenote (17de en 18de eeu -, Veneto en Udine, en in kleiner aantal uit Sicilië, soos die visserskolonie te Langebaan (19de eeu). Die groot ekonomiese oplewing en ontwikkeling van Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog tot die jare '70 het talle immigrante uit Europa aangetrek. Onder hulle was honderde Italianers, veel

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

meer as voorheen, ondanks die gelyktydige ekonomiese oplewing in Italië.

Die Italianers in Suid-Afrika het min briewe nagelaat en min gepubliseer en Sani kla oor die gebrek van dokumente oor hulle. Hy moes heel veel moeite en koste aanwend om die onderhawige boek saam te stel en verdien daarvoor veel waardering.

## Die Anglo-Boere-oorlog

Hy gee baie aandag aan die Italianers in die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902, 'n treffende episode van hoofsaaklik militêr-historiese belang. Die Italiaanse regering het hom streng afsydig van die oorlog gehou en hom veeleer pro-Brits gedra, omdat hy kort tevore in 1896 in Abessinië (nou Etiopië) 'n swaar neerlaag gely het en hom daarom van Afrika wou distansieer, en omdat daar in 1898 ernstige sosiale woelinge, onder meer in Milaan, was. Maar talle Italianers en 'n groot deel van die media het gesimpatiseer met die Boere as die swakste party in die konflik met die sterkste moondheid van dié tyd. Talle Italianers uit Suid-Afrika en Italië het saam met die Boere geveg, ondanks die waarskuwing van die Italiaanse regering dat hulle daardeur hul staatsburgerskap in Italië sou verloor.

Sani skryf enkele hoofstukke oor die Italiaanse vrykorps aan Boerekant in 1899-1900 onder aanvoering van die kleurryke, charismatiese Camillo Ricchiardi. Sani het die boek van Mario Lupini oor Ricchiardi en dié se oorlogsdagboek nie beskikbaar gehad nie en dit is spytig. Hy publiseer 'n vertaling van die uittreksel in Afrikaans uit Ricchiardi se dagboek wat in 1937 in "Die Huisgenoot" verskyn het.

Die Italiaanse vrykorps was die suksesvolste onder die buitelandse vrykorpse aan Boerekant en Ricchiardi was die suksesvolste aanvoerder. Daarom het kommandant-generaal Louis Botha wat alle vrykorpse na die Vrystaat gestuur het, die Italiaanse korps by hom gehou. Ricchiardi en die ander Italianers verdien daarom 'n besondere gedenkteken, in navolging van ander buitelandse vrykorpse. Die beste plek vir so 'n gedenkteken is die begraafplaas vir Italiaanse krygsgevangenes te Zonderwater by Pretoria, so meen die resensent.

Die ontploffing in die ammunisiefabriek in die Begbie-Gietery te Johannesburg op 24 April 1900 het veral onder die Italiaanse personeel slagoffers veroorsaak, naamlik 10 dooies en 36 gewondes. Die personeel was daaroor so verbitterd teenoor die Britte wat van sabotasie verdink is, dat die ZAR-regering Ricchiardi en twee van sy offisiere uit Natal geroep het om die buitelanders te kalmeer. Ek soek verband tussen hul anti-Britse stemming en die sameswerings in Julie 1900 te Johannesburg en Pretoria waarby verskeie Italianers betrokke was. Die sameswerings is ontdek, enkele vreemdelinge, onder andere Cordua (van Italiaanse afkoms), is tereggestel en talle Italianers en ander vreemdelinge is deur die Britse gesag verban.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Sani publiseer twee nuttige lyste van Italianers, op p.137-143 'n lys van lede van die vrykorps en op p.143-149 'n lys van persone wat deur die Britse gesag verban is.

In die jare tussen twee Wêreldoorloë het die emigrasie van Italianers na Suid-Afrika afgeneem en het 'n nuwe gees oor die moederland Italië vaardig geword danksy die fascisme. Die Italianers wat in Suid-Afrika was, het goed gevestig geraak en tal van organisasies en verenigings gestig, onder meer afdelings van die kultuurorganisasie Dante Alighieri. Voorheen het die Italiaanse regering taamlik onverskillig jeens die emigrante oorsee gestaan en hulle feitlik afgeskryf. Die fascistiese regering wat in 1922 die bewind oorgeneem het, het gestrewe na meer nasionale trots en selfvertroue onder Italianers in Italië en die buiteland en na hegter binding van emigrante aan die moederland. Afdelings van die fascistiese party is onder emigrante gestig. Hul politieke strewe het somtyds gebots met die kultuurorganisasie Dante in Suid-Afrika, so berig Sani.

Die fascistiese regering het 'n geesdriftige en ywerige verteenwoordiger in Natale Labia (1876-1936) gevind. Hy was in 1917-24 konsul-generaal van Italië in Johannesburg en daarna gesant. Sy strewe na goeie betrekkings tussen die fascistiese Italië en Suid-Afrika is gedwarsboom deur deelname van Suid-Afrika aan sanksies teen Italië toe Mussolini beveel het om Abessinië (nou Etiopië) te verower en die neerlaag by Adoea in 1896 uit te wis. Labia was so teleurgestel dat hy spoedig daarna oorlede is. Hy was getroud met Ida, dogter van die mynmagnaat Joseph B. Robinson, prinses Labia genoem.

Die Tweede Wêreldoorlog was nog 'n belangrike episode in die betrekkings tussen Italië en Suid-Afrika weens die stryd van Suid-Afrikaners teen Italianers in Oos- en Noord-Afrika en in Italië en weens die verblyf van duisende Italianers as krygsgevangenes te Zonderwater. Die simpatieke behandeling deur die kampkommandant Prinsloo en die vrylating van krygsgevangenes na die oorgang van Italië na die geallieerdes was van groot betekenis vir die immigrasie van Italianers na die Tweede Wêreldoorlog. Een van die oudkrygsgevangenes wat hom blywend in Suid-Afrika gevestig het en 'n bekende beeldemaker geword het, is Eduardo Villa.


Tydens die ekonomiese opbloei van Suid-Afrika in die dekades '50, '60 en '70 het verskeie Europese nasies, onder wie Italië, veel kapitaal in dogterondernemings in hierdie land geïnvesteer en talle emigrante daarheen sien vertrek. Sani beklemtoon die beperking deur die Nasionale Party-regering in 1948-60 op immigrasie van nie-Protestante, onder wie Italianers, maar erken op p.328 dat na 1960 (Sharpeville) hierdie beperking geheel opgehef is.

Tydens die internasionale anti-apartheidsveldtog met sanksies teen Suid-Afrika het ook die Italiaanse regering kant gekies. Die stroom van kapitaal en emigrante uit Italië na Suid-Afrika het in die jare '70 en '80 aansienlik afgeneem. Maar die Italianers vorm nog steeds 'n goed gevestigde en welgeorganiseerde groep wat ywer vir die taal en tradisies

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van hul moederland en jaarliks sy herdenkingsbyeenkoms by die begraafplaas Zonderwater hou. Giro Migliore beëindig Sani se boek met 'n tipering van vier verdienstelike bestuurslede van die Zonderwater Block-vereniging van oudkrygsgevangenes.

'n Samevattende werk oor immigrante in 'n vreemde land, soos Sani s'n, gee onvermydelik veel ruimte aan opsommings van name met slegs kort en summiere vermelding van hul draers se bedrywighede en betekenis daarvan. Daarmee wil ek die verdienste van dergelike oorsigte graag erken. Ek het veel waardering vir die boek en betreur dit slegs dat dit geen afbeeldings en geen register bevat nie.




*Teresa Viglione afgebeeld op marmertablo no. 15 in die Voortrekkermonument by Pretoria. Sy was een van die vier Italiaanse soetelaars wat die Voortrekkers na Natal vergesel het. Sy het in die nag van 26 Februarie 1838 tydens die aanval van die Zoeloes op 'n perd geklim en die Voortrekkerlaers gealarmeer. Dit was 'n gevaarlike optrede. Om haar moed te eer is sy afgebeeld in het Voortrekkermonument. Kyk San i t.a.p. 29-30 en 35-36.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HONORARY MEMBERSHIP FOR TOM ANDREWS

The Names Society of Southern Africa conferred its Honorary Membership on Tom Andrews at a function on 22 April 1994 in the Liberty Life Buildings at 10:00 in the tearoom of the Directorate Language Service of the South African Defence Force, Vermeulen Street, Pretoria.

At the ceremony Dr. Peter E. Raper, Chairman of the United Nations Group of Experts on Geographical Names, and of the Human Sciences Research Council of South Africa made the following commendation for Thomas Edmund Andrews, on behalf of the Names Society of Southern Africa.

The Honoray Membership Certificate was then handed over to Tom.

The Old Pretoria Society wants to congratulate Tom for his work on place names and for his work on the Committee of the Society for so many years.

Die Genootskap Oud-Pretoria wens Tom Andrews van harte geluk met hierdie onderskeiding wat hom te beurt geval het, en wil hom en Merle van harte bedank vir al die jare van uitstekende diens wat hulle gelewer het aan die Genootskap as Bestuurslede en beheer oor die Nuusbrief-publikasies en die Bustoere.

Namens die Genootskap Oud-Pretoria/On behalf of the Old Pretoria Society N.A. Coetzee, Voorsitter/Chairman 1994/95.

- o -

Hereafter follows the speech of Dr. Peter E. Raper.

"Dr Picard, Guests of Honour, members of the Names Society of Southern Africa:

I have great pleasure in presenting someone who is well known to all who are interested in names in South Africa and therefore actually needs no introduction.

Thomas Edmund Andrews has been known to me since I started my studies in the early sixties. His interest in place names began in his early teens when no one could satisfy his curiosity as to what certain Zulu names meant. A visit to the library acquainted him with Pettman's publications on place names. Tom's early writings were interrupted when, at the age of nineteen, he spent two years in the S.A. Defence Force with the A.A. Artillery in Italy.

On his return to civilian life he moved from Germiston to Pretoria, where he has been living since 1946, and he resumed his researches into the origin of South African place names. His interests led him to the Pretoria Historical Society, on the Committee of which he has been serving for thirty-four years, and on which he still serves.

Tom was a founder-member of a short-lived Institute for Onomastics established in Germiston in 1963.

In 1965 the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns established an Instituut vir Naamkunde in the Afrikaans

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Department at the University of Pretoria. Tom was invited by the Head of the Department, Professor H.J.J.M. van der Merwe, to join the Instituut. He served in the Advisory Committee of the Instituut until its activities were taken over by the Onomastic Research Centre of the HSRC in 1970.

When the Names Society of Southern Africa was established in 1981, Tom was one of its very first members. He has been one of its most loyal and active members, and was a founder member of the SADF Branch of the Names Society under chairmanship of Dr. Jan Picard. He still serves as researcher and lecturer in the Klapperkop Museum of the SADF.

For the past 25 years Tom has been a member of the Advisory Committee on Street and Place Names of the Pretoria City Council, and in that capacity he has been responsible for many names allocated to streets and places in Pretoria. His expertise and knowledge have been an indispensable source for well-founded and scientific decisions by the Committee.

Tom is often invited to give talks on onomastics to clubs, societies and institutions, and to answer local and overseas enquiries from municipalities, libraries and government departments on place names and their origins. His Emagameni Collection (the name means "at the names") is one of the most comprehensive in the country and is constantly consulted by various bodies and university students.

Tom's list of publications is most impressive. He was one of the main researchers from 1965 to 1970 for onomastic articles appearing in the Standard Encyclopaedia of Southern Africa, and he has been quoted and acknowledged by many authors, including Anna Smith in her "Johannesburg Street Names", in journals such as "Pretoriana", and in newspapers. More than twenty-two privately printed publications have appeared over the past thirty-two years. These include names of Transvaal, the Cape Province, the Orange Free State and Natal, as well as Botswana, Lesotho, South-West Africa (now Namibia), and Swaziland. Regional studies cover the Eastern Transvaal, the Kruger National Park, etc. In 1989 Van Schaik published his "Street and Place names of Old Pretoria", co-authored by Dr. Jan Ploeger, and the manuscript of "Pretoria Street and Place Names", completed in 1992/1993, is at the press.

Tom is a valued participant of the Survey of Southern Africa Geographical Names.

In recognition of his valuable work, performed with dedication and perseverance over the past thirty years and more, I have pleasure on behalf of the Executive Committee of the Names Society of Southern Africa, in conferring honorary membership of the Society on Thomas Edmund Andrews.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENTS: PRETORIANA NR. / NO. 105** — **Bladsy/ Page**


Bestuurslede/Committee members 2

Samuel Marks - Herdenkingsuitgawe/
Samuel Marks Memorial Issue 3

Oorhandiging van die eerste eksemplare van Marks se biografie 3

Samuel Marks, die Pretorianer
Bespreking deur C. de Jong van Richard Mendelsohn, "Sammy Marks, 'The Uncrowned King of the Transvaal'", Cape Town and Ohio University Press, etc., 1991. 4
S.J.N. Maisels, "The life and times of Sammy Marks, with notes on the house and garden at Zwartkoppies" 10
Anekdotes betreffende Sammy Marks 21
Robert C. de Jong, "Toer langs Sammy Marks-herinneringe in en by Pretoria" 22
Unveiling of a plaque in honour of Sammy Marks in the First National Bank on Church Square 25, Pretoria 26
Beskrywing van Marks se kantoor aan Kerkplein 34

Ander bydraes 35
C. de Jong, "Lewenskets van ds. Pieter van Drimmelen, 1873-1919 (2) - Besoeke aan Angola en lewenseinde" 35
T.J. Duvenage, "Ons moet trek" - Gedig op die aanstaande trek na Angola 56
C. de Jong, "'n Skildery van Pretoria met apokaliptiese strekking" 59
Anton C. van Vollenhoven, "Die Afrikaanse volksang- en volksdansbeweging: Kommentaar op R. Searle en C. de Ridder" 62

Pretoria Historical Association/
Pretoriase Historiese Vereniging 68
J. Ploeger, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria (7) - die tydperk 1985-1987" 68

Book review/Boekbespreking
Bespreking van Gabriele Sani, "History of the Italians in South Africa 1489-1989", published by Zonderwater Block South Africa, Johannesburg, 1992 78

Honorary membership of the Name Society of Southern Africa for Tom Andrews 82


V&R Drukkery, Pta. Tel: 328-7180

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA NO.102-105 1993-1994

niversity of Pretoria, Library Services, 2011